# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 371 • Mei 2024



# Eden

LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Mei 2024 | No. 371

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Eden en die roeping van die kerk

**REDAKSIONEEL**

**Ds. Schalk Strauss**
Deur die T(t)empel terug na Eden ........ 1

**AMPTELIK** ........ 3

**PINKSTERREEKS**

**Ds. Gerrie Kruger**
Die kerk as tempel ........ 4

**HOOFARTIKEL**

**Prof. Koos Adendorff**
Eden as tempel, die tempel as Eden ........ 14

**ARTIKELS**

**Pieter van Deventer**
Die ware Tempel wat aan die kruis gehang het ........ 16

**Dr. Barend Hefer**
Die nuwe Jerusalem: Eden, en tog soveel meer ... ........ 18

**Ds. Attie Boshoff**
Priesterlike "bewerking" in Eden: Erediens! ........ 21

**Ds. Johann Trollip**
Jaag die Bose uit ........ 23

**Ds. Emilé Trollip**
Gaan dan heen, vermeerder en vul die aarde met beelddraers van God ........ 25

**Ds. Pieter Malan**
Liturgie gesien vanuit die Ou Testament ........ 26

**AKTUEEL**

Bestek vir Bybelkenniseksamen 2024 ........ 12
Bybelwoordblok ........ 13
Huldeblyk ........ 20
Smeltoond: Hemel, Hel en hotel Hazbin ........ 22
Gemeentenuus ........ 28
Antwoorde: Bybelwoordblok (April 2024, bl. 7) ........ 28

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**

**Dr. Pieter Mulder**
Twee neefs, 'n verkiesing en die Rivonia-verhoor ........ 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**

**Pieta Oosthuizen**
Kerkmense ........ 35

**VOORBLAD:** Die voorblad is 'n visuele voorstelling van die tuin van Eden waarin God die mens met 'n spesifieke taak geplaas het wat uiteindelik ook die roeping van die kerk sou word.

**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Subredakteur**
Mev. C Möller

**Redaksielede**
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough

**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za

**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

---

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**

Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

---

Gedruk en gebind deur:

BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:

Lig in Duisternis UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



# Deur die T(t)empel terug na Eden

**Ds. Schalk Strauss**

**Wanneer 'n mens 'n huis bou, is die oriëntasie daarvan belangrik. Woonhuise word gewoonlik met 'n noordelike aansig gebou sodat die sonlig optimaal benut kan word en die huis nie te warm in die somer of te koud in die winter is nie. Met die oprigting van God se huis – die tabernakel en later die tempel – speel die oriëntasie daarvan ook 'n belangrike rol.**

Wanneer die HERE instruksies gee vir die oprigting van die tabernakel en later die tempel,[1] lees 'n mens die fyner besonderhede maklik mis. Dit lyk vir ons na onnodige inligting, maar wanneer die HERE in Exodus 27 opdrag gee dat die voorhof van die tempel aan die oostekant moet wees met die Allerheiligste aan die westekant, dan is dit nie sonder rede nie.

## Oos is belangrik

In hierdie uitgawe hanteer ons 'n bibliologiese tema. Ons kyk hoe God se inrigting van die skepping, spesifiek die tuin van Eden en die mens se taak daarbinne, uiteindelik iets te sê het oor die roeping van die kerk.

In die hoofartikel verduidelik prof. Koos Adendorff die driedeling van die aarde: Eden is die woonplek van God, in die tuin van Eden het God met die mens gewandel en het Adam sy werk verrig, terwyl die res van die aarde buite die grense van die tuin was. Uiteindelik sou die tabernakel en die tempel op hierdie model geskoei word met die Allerheiligste as woonplek van God, die Heilige waar die priesters diens gedoen het en die voorhof waar gewone Israeliete kon kom.

Binne hierdie tuin-tempel van God het die mens vrye toegang tot God se intieme teenwoordigheid gehad. Hy het gemeenskap met God beoefen met toegang tot die boom van die lewe. Met die sondeval is hierdie intieme verhouding vernietig. Die mens kon nie meer in die teenwoordigheid van die Allerheiligste kom sonder om te sterf nie. Génesis 3:23 sê dat God die mens uit die tuin van Eden weggestuur het. In vers 24 lees ons:

> *So het Hy dan die mens weggedrywe en die gerubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.*

Waar Adam aanvanklik uitgestuur word om die aarde te vul en te bewerk, word hy nou uitgedrywe.

Oos is dus belangrik. Die tuin waarin die boom van die lewe gestaan het, word deur gerubs met vlammende swaarde bewaak. Die mens het nie meer toegang daartoe nie. Dit wek die indruk dat die tuin-tempel omhein is met net een ingang – aan die oostekant. As die mens dus weer wou terugkom in God se intieme teenwoordigheid, was daar net een weg: Vanaf die oostekant!

## Die weg terug

Wanneer die HERE instruksies vir die bou van die tabernakel en later die tempel gee, is Hy baie noukeurig. Dit was nie maar net nog 'n aanbiddingsplek of heiligdom soortgelyk aan dié van die heidense volke nie. Die tabernakel en die tempel was só ingerig dat dit die weg terug na God se intieme teenwoordigheid gesimboliseer het. Nie net het die drie dele met die inrigting van die tuin-tempel ooreengekom nie, maar die rituele handelinge het uitgebeeld wat vir die mens nodig was om weer onbevange in God se intieme teenwoordigheid te mag kom. Die tempel het vir die volk gewys wat die enigste weg terug na Eden is.

1. Vir die doel van hierdie artikel, sal voorts net na die tempel verwys word as permanente struktuur geskoei op die model van die tabernakel.

Die bewaakte toegangspoort van Eden sit aan die oostekant. Om weer in Eden te kom, vra dus 'n oostelike poort. Om hierdie rede is die tempel van oos na wes opgerig met die ingang en voorhof aan die oostekant en die Allerheiligste aan die westekant. Om weg van God af te beweeg, is om ooswaarts te beweeg, terwyl 'n weswaartse beweging 'n terugkeer na God simboliseer. Die gewone Israeliet het die tempelkompleks dus altyd van die ooste af benader, maar kon nie verder as die voorhof kom nie. In die voorhof was die altaar waarop die volk se brandoffers geoffer is. Die priesters moes hulself uit die koperwaskom reinig voordat hulle diens by die tempel kon verrig.

**Slegs deur versoening en reiniging, die bronsaltaar en die koperwaskom, deur water en bloed, is dit moontlik om verby die poortwagters te kom en die heiligdom te betree.**

In die Heilige van die tempel was daar drie items. Die eerste was die lampstaander wat gedurigdeur moes brand om God se teenwoordigheid in sy tempel te simboliseer. Sy teenwoordigheid verlig die volk sodat hulle nie meer in duisternis hoef te wandel nie. Die tafel met die toonbrode waarvan die priesters kon eet, dui op God wat sy volk voed, versterk en versorg. Die derde was die wierookaltaar waarop wierook, as 'n lieflike geur, gebrand is. Dit simboliseer die gebede van die volk wat vir God aanvaarbaar is. Op pad terug na God se teenwoordigheid, verlig God die pad, voed en versterk Hy sy kinders en luister Hy na hul gebede.

Die Allerheiligste word egter deur 'n voorhangsel van die Heilige geskei. Die Allerheiligste, waarin die verbondsark en die versoendeksel was, verteenwoordig die woonplek en teenwoordigheid van die HERE. Niemand is toegelaat in die Allerheiligste nie, buiten die hoëpriester wat een keer per jaar daar moes ingaan om vir die volk se sondes versoening te doen.

Die boodskap aan die volk was duidelik: Daar is net een weg terug na Eden; terug na die intieme teenwoordigheid van die HERE en dit is weswaarts deur die tempel. Dit vereis versoening en reiniging, dit vra voedsel vir die siel, verligting van die pad en verhoring van ons gebede. Uiteindelik bly die voorhangsel van die tempel 'n sombere herinnering dat die intieme teenwoordigheid van die HERE eers betree kan word as die skeiding weggeneem word. Sonder 'n hoëpriester bly sy teenwoordigheid ontoeganklik.

Die behoefte om weswaarts te beweeg, roep egter om meer as net die tempelsimboliek. Dit roep om die ware Tempel.

## Die weg, die waarheid en die lewe

In die lig van die simboliek van die tempel is Christus se uitspraak dat Hy die tempel van God is, betekenisvol (vgl. Joh. 2:19-21). Om weer terug in Eden te kom, om weer in God se intieme teenwoordigheid te wees, kan nie anders gebeur as deur die Tempel nie. Daarom verklaar Christus:

***Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en sal hy ingaan en uitgaan en weiding vind* (Joh. 10:9).**

Hy is die oostelike poort. Hy is egter ook die volmaakte Offerlam op wie ons ons hande plaas om ons sonde oor te dra en op die altaar te plaas. Uit Christus se sy het daar water en bloed gekom sodat ons daardeur gereinig en met God versoen kan word (vgl. Joh. 19:34; 1 Joh. 1:9 en 5:6). Sy offer was volmaak, genoegsaam en voldoende en hoef nooit weer herhaal te word nie (vgl. 1 Petr. 1:18-19 en Hebr. 9:13-14). Hy verklaar in Johannes 8:12 dat Hy die lig van die wêreld is en dat wie Hom volg, nie in die duisternis sal wandel nie, maar die lig van die lewe sal hê. Terselfdertyd is Hy ook die brood van die lewe (vgl. Joh. 6:33-35, 48) en die rede waarom ons gebede vir God aanneemlik is (vgl. Ps. 141:2; Joh. 16:23).

Hy is egter nóg meer. Hy is nie net die Offer wat vir ons sondes versoening doen nie, Hy is ook ons ewige Hoëpriester (vgl. Hebr. 5:9-10). Die offer wat Hy bring wanneer Hy Homself op die altaar plaas om vir ons sondes versoening te doen, is só volledig en só aanneemlik vir die Vader, dat die voorhangsel tussen die Heilige en Allerheiligste van bo tot onder skeur toe Hy sterf (vgl. Mk. 15:38). Hy baan die weg terug na Eden. Hy is die ontmoetingspunt tussen God en mens. Om weswaarts te gaan, is net moontlik as jy in Hom is, want Hy is die weg, die waarheid en die lewe (vgl. Joh. 14:6).

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Wickus Malan (Pietersburg) na Groblersdal.
- Ds. Dewald Cronjé (Albertinia/Riversdal) na Groblersdal.
- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Waterberg/ Vaalwater.

### Beroepe bedank

- Ds. Dewald Cronjé (Albertinia/Riversdal) na Groblersdal.
- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Waterberg/ Vaalwater.

## SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 3 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 9 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 1 Oktober – 11 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 2 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 8 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 30 September – 11 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Inskrywing 2024 – Elektronies

Om elektronies op *Die Boodskapper* in te teken, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za en ontvang die nuutste uitgawe interaktief en in volkleur teen R170 per jaar. Lees vorige uitgawes van *Die Boodskapper* aanlyn by: www.apk.co.za/tydskrifte/

### Beplande verskyningsdatums 2024

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Junie 2024** | 16 April | 27 Mei |
| **Julie/Augustus 2024** | 16 Mei | 25 Junie |
| **September 2024** | 11 Julie | 26 Augustus |
| **Oktober 2024** | 13 Augustus | 26 September |
| **November 2024** | 12 September | 24 Oktober |
| **Des 2024/Jan 2025** | 11 Oktober | 26 November |

## Advertensietariewe 2024

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R220 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R590 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 250 | R2 700 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 150 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 450 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 350 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 450 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 700 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R7 800 |

*50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.*

**Bankinbetalingsbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Maart*** | Goeie Vrydag |
| **31 Maart** | Paassondag |
| **1 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Mei** | Hemelvaart |
| **19 Mei** | Pinksterfees |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **17 Junie*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **27 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |

# *Die kerk as tempel*

1. Die doel van die mens is die doel van die kerk!
2. Koning van die kerklike koninkryk
3. Christus is die ware tempel
4. Die Heilige Gees versterk die kerk
5. Gebou om te dien: Jou plek in Christus se liggaam
6. Die hele liggaam is gestuur



**Ds. Gerrie Kruger**

*Baie dankie aan ds. Gerrie Kruger (leraar van die AP Kerk Kareedouw) wat vanjaar se Pinksterreeks geskryf het.*

## Die doel van die mens is die doel van die kerk!

**Skriflesing:** Gén. 1:26-28 **Sang:** Ges. 9:1-2; 38:2

Daar is so baie opdragte van God in die Bybel waaraan die mens ongehoorsaam is. Op die oog af lyk dit nie of die mens aan die mandaat wat God aan Adam gegee het, ongehoorsaam is nie. Die wêreld het immers 'n menigte van mense en die natuur is heeltemal aan ons onderwerp. Of is dit?

### Wees vrugbaar

Wanneer ons hierdie opdrag van God aan Adam en Eva bedink, moet ons die konteks waarbinne Hy dit vir hulle gegee het, in ag neem. Die eerste mense kry hierdie opdrag terwyl hulle nog in die Paradys, die tuin van Eden, is – 'n opdrag aan volmaakte mense. Adam en Eva is in volmaakte harmonie met God en met die hele skepping. Daar is geen konflik nie. Die mens is God se beelddraer én verteenwoordiger en die opdrag wat God gee, is 'n weerspieëling van daardie beeld. God is immers alomteenwoordig en die hele skepping is aan Hom onderworpe. Nou skep God die mens na sy beeld en gee aan hom die opdrag om, soos Hy, die hele aarde te vul en die skepping aan hom te onderwerp, soos wat dit aan God onderworpe is. Die mens se opdrag was eintlik om, as God se priesters, van die hele aarde God se tempel te maak – 'n plek waar die mens in harmonie met die skepping is, net soos God dit in volmaaktheid vul en daaroor heers.

In Génesis 3 gebeur die groot ramp van die sondeval. Met die ironiese belofte van Satan dat hy soos God sou wees, verloor die mens die vermoë om beelddraer van God te wees en om soos Hy, in harmonie met die skepping, die aarde as sodanig te vul. Ná die sondeval word die skepping vervloek omdat dit nie meer as tempel kan dien nie, want die priester van die tempel is nie meer heilig voor God nie.

Op grond hiervan kom ons tot die gevolgtrekking dat Adam nie die skeppingsmandaat wat God hom opgedra het, nagekom het nie. Alhoewel ons elke kontinent op hierdie planeet bewoon en selfs daarvan droom om die maan en ander planete te kolonialiseer, is ons nie meer beelddraers nie, want die mens is met sonde gevul. Ons het wel die aarde gevul, maar Génesis 6:11 herinner ons waarmee die aarde gevul was:

> *Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld.*

Volgens Génesis 11:8 het die mens nie die aarde gevul nie, maar moes God hulle ná die toring van Babel, oor die aarde "verstrooi". Ons het die aarde met geweld gevul en dit aan die heerskappy van die duiwel onderwerp. In plaas daarvan dat die aarde nou 'n tempel vir

God, tot eer van God, deur die beelddraers van God is, het dit ’n tempel vir die duiwel geword.

### Heers daaroor!

Hoe kan die mens na God se oorspronklike mandaat van gehoorsaamheid aan Hom en heerskappy oor sy koninkryk terugkeer? Die antwoord is dat die mens ná die sondeval iets nuuts gekry het om oor te heers. Wanneer Kain vir Abel kwaad is, sê God dat hy oor die sonde moet heers (vgl. Gén. 4:7).

**Soos Kain, het elke mens ná die sondeval in hierdie opdrag gefaal. In plaas daarvan om oor die sonde te heers, heers die sonde oor ons.**

God het egter begin om weer iets van hierdie heerskappy aan die mens terug te gee. Hy het die mens geleer wat sonde is deur vir ons sy wet te gee. Hy het vir ons die tabernakel en later die tempel gegee as ’n manier om die teenwoordigheid van God te ervaar en weer iets van die beeld van God te sien. Hy gee dit as versoeningsplek vir die sonde, sodat ons iets van die heerskappy oor die sonde kan ervaar.

In Johannes 2:19 sê die Here Jesus dat Hy die tempel sal afbreek en in drie dae weer opbou. Hier verwys Hy na sy liggaam as tempel van God. Die “afbreek” van die tempel verwys na sy dood en die “herbou” van die tempel na sy opstanding op die derde dag. Daaruit verstaan ons dat Hy die nuwe tempel hier op aarde was. Hy het sy liggaam gegee sodat die mens weer beelddraer van God kan wees. Christus was immers die volmaakte beeld van God en terselfdertyd ook God. Hy het sy liggaam as tempel en offer gegee om die nuwe tempel te heilig. 1 Korinthiërs 12:12-31 leer dat die kerk die liggaam van Christus is. Met kerk word bedoel die gemeenskap van die heiliges, nie ’n gebou nie. So is die kerk die liggaam van Christus en die tempel wat gelowiges baie beter met God verbind as wat die tempel van die Ou Testament kon.

Aangesien Jesus Christus oorwin het, is dit nou nie meer vir ons onmoontlik om oor die sonde te heers nie. Om hierdie rede het Hy basies die mandaat wat God aan Adam gegee het – vul die aarde en heers daaroor – in die groot opdrag van Matthéüs 28:19 herhaal. Ons word beveel om dissipels van al die nasies te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy ons geleer het. In die lig van Adam se mandaat, sê Christus eintlik: Vul die aarde met dissipels en leer hulle om oor die sonde te heers.

### Slot

So begin die kerk met hierdie mandaat ná die uitstorting van die Heilige Gees. Die kerk is die liggaam van Jesus Christus, met ander woorde, die hedendaagse tempel van God. Net soos die tempel in Jerusalem, is dit nog nie die volmaakte tempel wat ons veronderstel is om te wees nie. Deur die genade van die Here is die kerk egter die tempel wat gelowiges na die volmaakte tempel van die nuwe hemel en die nuwe aarde lei. Tot dan is dit ons opdrag om die mandaat van Adam uit te voer soos die Here ons deur die werking van sy Gees daartoe bemagtig. Ons moet sy tempel, sy kerk, bou en dissipels maak en hulle leer om in die wêreld oor sonde te heers, totdat ons werklik weer volkome, saam met Christus, oor die nuwe aarde kan heers.

## Koning van die kerklike koninkryk

**Skriflesing:** 1 Kor. 15:20-28 **Sang:** Ges. 10:1-2; Ges. 12:1

### Wie is die hoof van die kerk?

Dit is dalk nie ’n vraag wat elke dag in ons harte opkom nie, maar dit is ’n fundamentele vraag in die Christelike geloof waaroor Christene se antwoorde soms verskil. Nie almal verstaan die vraag dieselfde nie. Wanneer ons die vraag vra, dan bedoel ons nie net wie die hoof van die AP Kerk Kareedouw is nie (hoewel die antwoord dieselfde is, sou ons

dit vra). Ons praat hier van die onsigbare, triomferende Kerk van Christus, waarvan AP kerke net ’n klein deeltjie is. ’n Mens sal dan maklik wil sê dat Jesus Christus sekerlik die Hoof en Koning van die Kerk is. Dit was egter nie altyd so gewees nie.

## Adam

Die Kerk van Christus is nie net tot die hede beperk nie, maar strek oor eeue heen. Elke gelowige wat nog ooit geleef het en wat nog sal leef, is deel daarvan. Hoewel Christus die ewige Hoof van die Kerk is, word Adam as verteenwoordiger aangestel in sy rol as hoof oor die skepping en as hoof van die menslike geslag wat veronderstel was om God te dien.

Dit bring ons weer terug na die mandaat wat God aan Adam gegee het (vgl. Gén. 1:28 e.v.). God het Adam as heerser oor die skepping aangestel. Hy was beelddraer en hoëpriester van God in sy volmaakte tempel hier op aarde. Met die sondeval het Adam as heerser oor die aarde en as hoëpriester misluk. Daarom het God in Génesis 3:15 beloof dat Een uit die saad van die vrou die aartsverleier, Satan, sal vermorsel. Daarmee het Hy eintlik bedoel dat Hy ’n tweede Adam sal stuur. Dit is waarom Adam en Eva so ’n hoë verwagting van Kain gehad het, want hy was die eerste man wat uit Eva gebore is en daarom het hulle gedink dat hy die tweede Adam moet wees.

Die tweede Adam, die Hoof van die Kerk van God, was nie hy wie die mens gekies het nie, maar die Een wie God gestuur het. So wys die hele Ou Testament (offers, tabernakel, tempel) die hele tyd heen na Christus, wat as Lam van God sou kom om die mandaat wat Adam nie kon volvoer nie, volmaak uit te voer en heerskappy oor die Kerk oor te neem.

## Eersteling uit die dode

Die tabernakel in die woestyn en die tempel in Jerusalem was albei tydelik. Die Kerk, hoewel dit ’n element van ewigheid bevat, was nog nie in haar ewige staat nie. Voor die sondeval sou sy net soos Adam wees: ewig, onsterflik en universeel. Adam se sonde veroorsaak egter dat sy dood en sonder lidmaat is!

**Toe kom Jesus Christus as die tweede Adam en inisieer die herstel van die Kerk van God. Hy het Adam se plek ingeneem, terwyl Hy Adam en sy nageslag se sondes op Hom geneem het!**

Met sy kruisdood en opstanding, wek Hy sy hele aardse koninkryk wat in Adam gesterf het, uit die dood uit op. ’n Wedergebore koninkryk word gevestig – een waarvan die eerste Adam, as verteenwoordiger van God, nie meer die heerser is nie, maar Jesus Christus, die tweede Adam. Christus vervul nou self die rol as Hoof oor die nageslag van Adam. Wat ons nie kon doen nie, doen die tweede Adam – Hy heers oor die sonde en die dood. Hy maak ons deelagtig aan sy liggaam sodat ons een liggaam, een Kerk van Christus, kan wees.

Tog is ons nog steeds in hierdie gevalle wêreld waar ons dit nie eintlik kan regkry om volkome oor die sonde te heers nie. Die kerk, die liggaam van Christus, die huidige tempel, gee Hy vir ons as werktuig waar ons kan begin om ín Christus oor die sonde te heers. Dit is die plek waar ons die evangelie hoor – dat Jesus Christus Middelaar tussen ons en God is.

Net soos ons, is die Kerk ook nog in hierdie gevalle wêreld. In haar huidige vorm is die Kerk (tempel) soos ons – tydelik van aard! Dit beteken nie dat die Kerk binnekort gaan ophou bestaan nie, maar dat die Kerk se aardse doelwit op ’n stadium bereik gaan word. Die kerk is vol tydelike mense en tydelike insette. Wat ons egter daaruit kry, is nie tydelik nie. In die kerk begelei ons mekaar tot heiligmaking, sodat ons as gemeenskap van die heiliges na die stem van die Heilige Gees kan luister. Ons versterk mekaar wanneer ’n medebroer of-suster swak is; ons bemoedig mekaar in tye van hartseer; ons onderskraag mekaar om te volhard wanneer dinge swaar is. Maar die kerk is nog nie wat sy moet wees nie.

Christus is die eerste vrug van die oorwinning. Sy opstanding het die Kerk herstel. In Adam is die tempel deur die sonde afgebreek en in drie dae het Christus dit weer opgerig. Hy is die eerste vrug van daardie oprigting, die eerste wat die dood oorwin het. Nou leer die Woord ons dat hierdie tempel daar is om ons te lei totdat die laaste vyand, die dood, oorwin is.

Dit is die laaste rede waarom die tempel nog nie ewig is nie. Met die wederkoms sal die tydelike tempel sy doel bereik en sal ons nie meer deel van 'n tydelike tempel wees nie, maar van die ewige tempel van God – die nuwe hemel en die nuwe aarde!

### Slot

Ons kerke is baiekeer klein, nietig en volgens ons, onbevoeg. Maar hierdie klein, plaaslike kerkies waarvan ons deel is, is vensters waardeur ons die heerlikheid van God sien, want die plaaslike kerk is die sigbare deel van die onsigbare Kerk. So kan selfs die geringe dinge wat ons in die Naam van Jesus Christus, die Hoof van die Kerk doen, impak hê. Christus is ons Hoof, ons Koning. Kom ons eer Hom in hierdie tempel totdat ons Hom in die ewige tempel kan dien.

# Christus is die ware tempel

**Skriflesing:** Joh. 2:13-22 **Sang:** Ges. 75:1; 308:1, 3

Die tempel in Jerusalem het 'n baie belangrike plek in die godsdiens en kultuur van die Jode beklee. 'n Mens kan selfs argumenteer dat die tempel hul belangrikste aardse besitting was. Die tempel was sentraal in Jerusalem. Die goue kandelaar (Menorah) het altyd gebrand, sodat jy van enige plek in Jerusalem die lig van die tempel op die tempelberg kon sien. Maar wat het die tempel vandag met ons te doen? Daar is nie meer 'n tempel in Jerusalem nie, so wat beteken dit tog vir ons?

### Hy breek die tempel af

Koning Salomo het die eerste tempel gebou, maar dit is deur koning Nebukadnésar vernietig (587 v.C.). Ná 70 jaar in ballingskap, kon die Jode na hul land teruggekeer. Maklik was dit nie. Dit het hulle uiteindelik 46 jaar gevat om die tempel te herbou. Die herstelde tempel het hulle aan God se teenwoordigheid en verlossing herinner. Maar net soos in die verlede, het hulle die tempel misbruik. Die tempeldiens het hoër waarde gekry as hul diens aan God. Die tempel was veronderstel om 'n plek te wees waar die volk hul geestelike voedsel kon ontvang. Dit moes 'n getuienis, 'n teken wees ter herinnering aan God se beloftes. Dit moes hulle herinner aan die belofte van 'n nuwe tempel. Selfs die vernietiging van die tempel deur Nebukadnésar was getuienis van die pad wat Christus moes stap. Die vernietiging en herstel het heengewys na die dood en die opstanding van die beloofde Messias, Jesus Christus.

Die laaste gedeelte van Christus se aardse bediening staan teen die agtergrond van die tempel in Jerusalem: sy botsing met die Fariseërs en Sadduseërs, die reiniging van die tempel, die opbou tot die pasga. Selfs sy inhegtenisname staan teen hierdie agtergrond. In Lukas 22:53 sê die Here dat Hy dag vir dag by hulle in die tempel was. Daarmee bring Hy weer die tempel in die prentjie en versterk Hy die verband tussen wat nou met Hom gaan gebeur en die tempel.

**So het die tempel in Jerusalem 'n era van afwagting aangedui. Die era van die ou verbond het met verwagting na die nuwe verbond vooruitgewys.**

Christus se woorde dat die tempel afgebreek gaan word en dat Hy dit in drie dae weer sal opbou, is 'n aanduiding dat daar nou 'n nuwe era gaan aanbreek. Die ou verbond en die ou tempel se doel sal nou vervul word en dit sal vervang word met 'n nuwe tempel wat die nuwe era van die nuwe verbond sal inlei.

### Die Tempel wat verrys!

Net soos die Fariseërs byna alles wat Jesus hulle geleer het verkeerd verstaan het, was hulle geskok om te hoor dat Hy sê Hy die tempel binne drie dae weer sal opbou.

Onmiddellik wys hulle Hom daarop dat dit hulle 46 jaar gevat het om die tempel te herbou. Hoe wil Hý dit afbreek en binne drie dae weer opbou? Wat ons moet insien, is dat die tempel so belangrik vir die Jode was, dat

hulle nie kon insien dat daar ooit 'n nuwe tempel sal wees nie! Hulle het so vasgeklou aan die aardse tempel, dat hulle nie die "Lewende Tempel", wat reg voor hulle gestaan het, raakgesien het nie. Die aardse skatte wat die tempel in Jerusalem vir hulle ingebring het, het hulle blind gemaak vir die rykdom van die ewige tempel.

Dit is waarom die Here Jesus die tempel reinig. Hy jaag dit wat hulle blind maak, dit wat die tempel verontreinig, weg. Dit was nodig dat mense iewers geld kon wissel en offerdiere kon aankoop, maar die tempel was nie die plek daarvoor nie. So breek Hy die verkeerde begrip van die tempel af.

Dan kondig Hy die nuwe tempel aan: Wanneer Hy sê dat Hy die tempel in drie dae gaan opbou, verwys Hy na sy liggaam. Johannes verduidelik hier dat dit na Christus se liggaamlike opstanding verwys, waar Hy sélf as Hoëpriester optree en Homself as offerlam gee. So vervul Hy die offerdiens en die doel van die tempel van die ou verbond in Jerusalem volkome. Daarom is sy liggaam die ewige tempel van God. Net soos die tempel van ouds 'n skadubeeld van Jesus Christus se liggaam was wat nog geoffer moes word, is die kerk vandag die skadubeeld van sy liggaam wat reeds geoffer is.

### Slot

Die tempel was die kerk van die ou verbond en nou is die kerk die tempel van die nuwe verbond. Dit beteken dat die kerk nie 'n lewelose entiteit is, soos wat ons dit baiekeer maak nie. Ons hou dikwels vas aan die aardse aspekte van die kerk en dan maak dit ons blind vir wat die tempel van God eintlik veronderstel is om te wees.

Hoewel die kerk 'n aardse aspek het wat nodig is, behoort dit nie deur basaars en fondsinsamelings gekenmerk te word nie. Die kerk hoef nie armsalig en swak te wees nie. Om kerk te wees, beteken dat ons die lewende tempel van Jesus Christus moet wees. Wanneer jy dus die plaaslike kerk waarvan jy lidmaat is, beoordeel, moenie kyk of sy groot of klein is nie, of die begroting klop of nie. Christus se liggaam is die nuwe tempel. Is die kerk waarvan jy lidmaat is, deel van die lewende tempel, die liggaam van Christus? Is dit 'n rein tempel, of is dit een wat nog gereinig moet word?

# Die Heilige Gees versterk die kerk

**Skriflesing:** Hand. 2:1-13 **Sang:** Ges. 223:1, 6; 227:1

Wat 'n wonderlike tyd was dit waarin die apostels geleef het! 'n Tyd toe die Here dapper manne geroep het om die evangelie aan die wêreld te verkondig. Kan ons maar weer 'n rotsvaste kerkleier en prediker soos Petrus hê, of 'n dapper en gedugte span soos wat al die dissipels saam was, of 'n preek met die potensiaal om 3 000 mense in een dag na die Here Jesus te lei!

Het die hedendaagse kerk swak geword?

### Spreek deur die Heilige Gees

Vanaf Handelinge 2 lees ons van gelowiges wat vasgestaan het in hul geloof en bereid was om daarvoor te sterf. Hulle was manne wat die regte woorde op die regte tyd gehad het. Dit was egter nie altyd die geval nie. Ons lees dat die apostels, voor die Here Jesus se kruisiging en opstanding, dikwels swak en bang was. Hulle het die meeste van die tyd baie gesukkel om te verstaan wat Hy hulle geleer het. Toe Hy gekruisig is, het hulle selfs aanstoot aan Hom geneem. Petrus het so getwyfel dat hy Hom drie maal verloën het. Ná sy kruisiging het die dissipels hulle skaars gemaak en toe hulle hoor dat die Here opgestaan het, het hulle die nuus met baie ongeloof begroet. Selfs toe hulle al geglo het dat Hy uit die dood uit opgestaan het, was hulle nog steeds nie die apostels waarvan ons in Handelinge lees nie. Hulle was nog nie daardie dapper predikers nie. Was hulle dan nog nie God se kinders nie? Het hulle Hom nog nie waarlik liefgehad nie?

Hoewel hulle nog nie die dapperheid van geloof gehad het nie, kan 'n mens duidelik sien dat die dissipels die Here Jesus wel liefgehad het en dat daardie liefde tydens die kruisiging tot die uiterste beproef was. Hulle het Hom beslis liefgehad en Hy hulle. Dit was juis omdat Hy hulle liefgehad het dat hulle Hom kón liefhê! Ná sy opstanding is daar wel 'n tyd van ongeloof. Hoewel die dissipels werklik glo dat die Here Jesus uit die dood uit opgestaan het, was hulle maar nog steeds onsekere gelowiges Dan vaar Hy op na die hemel en hulle bid vir 'n week lank. Hoewel hierdie gebedsmarathon merkwaardig is, gebeur die eintlike merkwaardige dinge eers ná die uitstorting van die Heilige Gees.

Wat het die uitstorting van die Heilige Gees bewerkstellig, dat daar so groot verskil gekom het?

> **Hy het hulle vrymoedigheid gegee. Skielik is hulle nie net dapper genoeg om die Jode openlik van Jesus se kruisiging te beskuldig nie, maar hulle herhaal juis die woorde waaroor hulle Hom gekruisig het – dat Hy die Seun van God is.**

Dit was hierdie uitspraak wat Kájafas sy klere laat skeur het en wat hy as genoeg rede beskou het om Jesus te kruisig. Meer nog! Daar gebeur 'n wonderteken wat God juis vir hierdie geleentheid gegee het: hulle spreek almal in verskillende bekende tale!

## Oorweldig deur die Gees

Ons weet dat die Heilige Gees hulle oorweldig het. Ons weet dat die Heilige Gees die verskil gemaak het. Dit strek egter baie dieper as om bloot met die Heilige Gees en dapperheid vervul te wees. Jesus Christus het as die tweede Adam, die ewige Hoëpriester, gekom en sy liggaam is die nuwe tempel. Maar waar laat dit ons, sy kerk? Dit is waar die Heilige Gees in die prentjie kom.

Met die uitstorting van die Heilige Gees op pinksterdag, ondergaan die apostels 'n radikale verandering. Hulle ontvang dapperheid en krag wat hulle voorheen nie gehad het nie. Dit was nie net 'n verandering in hul persoonlike geloof nie, maar 'n verandering wat hulle in staat gestel het om as die liggaam van Christus op aarde te funksioneer. Die Heilige Gees het die apostels nie net bemagtig nie, maar ook as skakel tussen hulle (die kerk) en die offer van Christus gedien. Deur die werking van die Heilige Gees het die kerk deel aan die opstanding van Jesus Christus. Dit is deur die krag van die Heilige Gees dat die kerk liggaam van Christus is en kon word wat sy vandag is.

> **Soos wat Christus se liggaam die tempel was, so het die kerk (die gemeenskap van die heiliges, nie die gebou nie), deur die uitstorting van die Heilige Gees, die tempel op aarde geword.**

Die kerk het die plek geword waar God se teenwoordigheid woon en waar sy werke op aarde uitgevoer word. Dit is nie omdat die apostels dapper was of Petrus 'n goeie leier was, dat hulle soveel vermag het nie. Dit was omdat God self, deur die Heilige Gees, die krag agter die tempel is.

## Slot

Ons moenie dink dat die jare waarin die apostels geleef het, die goue jare van die kerk was nie. Dit was net die begin, die bloeityd, van die kerk. Sy het nie gegroei omdat die apostels besonders was, of omdat daar rykdom of besondere predikers was nie. Die vroeë kerk was kerk van Christus omdat die Heilige Gees haar deelagtig aan sy liggaam gemaak het. Dit maak nie saak hoe groot, klein, ryk, arm, sterk of swak die plaaslike kerk (gemeente) is nie. Dit gaan daaroor dat die kerk waarvan jy lidmaat is, deel van die liggaam van Christus is. Sy Gees is al wat ons nodig het. Vertrou en verkondig die Woord wat Hy vir ons gegee het, want die krag van die kerk lê nie in haar lidmate nie, maar in die Heilige Gees.



# Gebou om te dien: Jou plek in Christus se liggaam

**Skriflesing:** 1 Kor. 12:12-27 **Sang:** Ges. 230:1, 3, 4; 101:1-2

Toe ek 17 jaar oud was, het ek belydenis van geloof afgelê. Ek was goed voorbereid vir die ouderlingeraad se ondervraging, maar een vraag het my onkant gevang: "Waarom raak so baie jongmense van jou ouderdom, nadat hulle belydenis van geloof afgelê het, net weg uit die kerk?" Ek kan nie eers onthou wat ek geantwoord het nie, maar my antwoord was waarskynlik nie reg nie. Intussen het ek baie tyd daaraan gewy om 'n antwoord op hierdie vraag te kry. Van al die verskillende antwoorde was daar een wat vir my uitgestaan en al die ander opgesom het: Ons het nie ons plek in die kerk gekry nie.

## Elkeen het 'n plek

Paulus het hierdie brief aan die gemeente in Korinthe geskryf in reaksie op berigte dat die kerk in diepe twis en verdeeldheid verval het. Met hierdie brief probeer hy daardie tweedrag herstel en die Skrifgedeelte is aan die kern daarvan. Die vermaning dat die kerk die liggaam van Christus is, gaan juis oor die manier hoe hulle geestelike gawes gesien en hanteer het. Sommige lidmate het sekere gawes belangriker as ander geag. Dit wil voorkom of hulle 'n hiërargie gehad het waarvolgens gereken is dat mense met besondere gawes meer status het. Gevolglik was sommige lidmate waarskynlik oneerlik oor hul gawes en wou ander nie meer deel van die gemeente wees omdat húlle gawes nie goed genoeg was nie.

Paulus herinner die gemeente nou daaraan dat die kerk die liggaam van Christus is. Omdat dit 'n liggaam is, moet hulle besef dat dit juis soos 'n liggaam werk. 'n Liggaam bestaan uit verskillende ledemate: arms en hande, bene en voete, en dies meer. Net soos wat 'n liggaam baie dele het en elke deel sy eie taak het, is party dele se werk nie minder belangrik as ander s'n nie. Die een ledemaat het die ander ledemaat nodig. As een seerkry, kry almal seer. Dink maar net as jy jou vinger brand: Dit is net jou vinger wat brand, maar die pyn skiet deur jou hele lyf en elke ledemaat wat kan help, en selfs dié wat nie kan help nie, probeer dat die vinger se pyn bedaar: die mond skree, die ander hand hou die seer vinger vas, die voete en bene spring op en af.

**Hoe belaglik sal dit nie wees as verskillende ledemate van dieselfde liggaam met mekaar begin baklei en mekaar probeer seermaak en in die proses hulleself beseer nie! En tog is dit presies wat die gemeente doen.**

God het hulle juis as ledemate gestel om nie dieselfde te wees nie. In hul andersheid lê hul eenheid, want die verskillende dele vorm saam die geheel! Hulle het nie verskillende gawes ontvang omdat die een belangriker as die ander een is nie, maar omdat daar vir elkeen 'n plek in die kerk is. Één sodat elkeen sy unieke gawes kan gebruik om God te vereer en mekaar te dien! Die een is dus nie belangriker as die ander een nie. Inteendeel, dít wat vir die mens onbenullig en onnodig lyk, is gewoonlik dit wat God meer gebruik en dít wat vir die mens belangrik lyk, is vir God onbelangrik. Die liggaam het al sy ledemate nodig!

## 'n Liggaam is al die lede

Paulus spreek nie net hul verkeerde verstaan van verskeidenheid aan nie, hy spreek ook hul verkeerde verstaan van eenheid aan. In 1 Korinthiërs 13 wil dit voorkom of die gemeente van al die gawes wat God hulle gegee het, die spreek in tale as die belangrikste geag het. Waarskynlik so omdat dit die moeilikste was om te toets of dit werklik 'n gawe van God was. Omdat dit as een van die belangrike gawes beskou is, kon jy maklik 'n klomp geluide maak en mense wat nie die taal verstaan het nie, oortuig dat jy in 'n vreemde taal spreek. Skielik praat almal in tale. Almal wou dié gawe hê, maar Paulus vermaan die gemeente dat 'n liggaam nie uit 'n klomp eenderse ledemate bestaan nie, maar uit verskillende ledemate saamgestel is. Jy kan nie

’n liggaam hê wat net uit hande bestaan of ’n liggaam wat net uit ’n mond bestaan nie. Dit is dus te verstane dat almal nie dieselfde gawes het nie.

Vir die Korinthiërs om waarlik kerk te wees, moet hulle dít wees wat Jesus Christus se liggaam is. Hulle moet tempel van God wees! Elkeen wat deel van die tempel is, het sy plek en sy werk. Die doel van die tempel is dieselfde as die doel van die liggaam van Christus. Die Here Jesus het sy liggaam aan die kruis geoffer en uit die dood opgewek om vir ons verlossing en nuwe lewe te bring en daarom is liefde die grootste gawe (vgl. 1 Kor. 13). Dit is waar ons verlossing, ons kerkwees en ons Christenwees vandaan kom.

### Slot

Elke Christen, elke plaaslike kerk, is deel van Christus se liggaam. Die eenheid is gebaseer op ons gemeenskaplike geloof in Jesus Christus. As sy liggaam, het elkeen van ons ’n plek. Jou plek is in die kerk. Moenie vaskyk in ander mense se plekke nie, want jy is nie hulle nie. Dit geld ook vir die plaaslike kerk. Elke kerk met hierdie gemeenskaplike belydenis, het haar plek in die koninkryk van God. Moenie vaskyk in wat ander kerke doen nie. Neem jou plek binne die verskeidenheid van Christus se liggaam in en wees kerk. Dien die Here en wees lief vir God met jou hele hart en met jou hele siel én, wees lief vir jou naaste soos jouself. Liefde is immers die grootste gawe.

# Die hele liggaam is gestuur

**Skriflesing:** Mt. 28:16-20 **Sang:** Ges. 267:1; 275:1, 4, 5

Is daar nog ’n toekoms vir die AP kerkverband? Is daar nog ’n toekoms vir ons gemeente? Die antwoord op hierdie vrae sal van gemeente tot gemeente en van lidmaat tot lidmaat verskil.

Soms is die antwoord negatief, want die gemeente bestaan dalk net uit bejaarde lidmate wat nie meer ekonomies aktief is nie. Of die gemeente is klein en swak. Dit mag dalk op die oomblik ’n harde waarheid wees. Die Here Jesus leer ons egter in hierdie Skrifgedeelte dat al mag dinge vandag nie so rooskleurig lyk nie, dit nie so hoef te wees nie. ’n Gemeente hoef nie op moedverloor se vlakte te sit as sy hoopvol gehoorsaam aan die groot opdrag is nie.

### Na ál die nasies

Soos ons al in hierdie reeks preke gesien het, was die dissipels nie die bekwaamste of wysste manne nie. Hulle bekwaamheid en wysheid was die gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkstersondag. Die opdrag in Matthéüs 28:19 word tydens Christus se hemelvaart gegee – voordat die Heilige Gees uitgestort is. Wat het ’n klomp vissermanne van sendingwerk af geweet, of om enige iemand van die Here Jesus te vertel? Op pinksterdag verander alles en die kerk begin hierdie opdrag uitvoer.

Alles was nie maanskyn en rose in die vroeë kerk nie, inteendeel. Tog, hoe slegter dit met die kerk gegaan het, hoe beter was dit vir die kerk. In Jerusalem het die kerk vinnig gegroei, maar dit was nie lank nie of vervolging begin toe Stéfanus as eerste martelaar gestenig word omdat hy nie wou ophou om in die Naam van Jesus Christus te preek nie. Menslikerwys gesproke, was dit ’n baie slegte gebeurtenis. Met sy teregstelling vlug al die gelowiges uit Jerusalem en die era van die wêreldwye kerk breek aan. Onwillekeurig dink ’n mens terug aan die skeppingsmandaat in Génesis 1:28: *Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde ...*

**Die kerk het oor die afgelope 2 000 jaar oor die hele aarde versprei. Dit was nie as gevolg van menslike bekwaamheid of die regte opleiding nie, hoewel God daarvoor óók gesorg het. Dit was omdat God die kerk gedryf het.**

Baiekeer gebruik Hy juis swaarkry om ons te motiveer; ander kere

is dit nie nodig nie. Partykeer het die Here gewerk met akademici, soms met 'n visserman of 'n boer. Die punt is dat die kerk die groot opdrag begin uitvoer het. Na menslike oordeel het hulle met hoegenaamd niks begin nie (die kerk het nie beleggings gehad nie). Al wat hulle gehad het, was die opleiding wat die Here Jesus aan die apostels gegee het. Dit het hulle dalk die kennis gegee, maar nie noodwendig die vermoë nie. Ook was hulle nie waardig gewees om dit te doen nie. Eers met sy opstanding, gee Christus aan ons sy waardigheid. Die vaardigheid om die kennis te gebruik, het gekom met die uitstorting van die Heilige Gees.

Die wonderbaarlike spreek in tale is juis 'n getuienis hiervan. Voor die uitstorting van die Heilige Gees was hulle nie daartoe in staat nie, maar nou, ná die uitstorting van die Gees, kan hulle wonderbaarlik al die tale van die mense rondom hulle praat, sodat hulle na ál die nasies kan gaan.

## Daar waar Christus met ons is

Dit is egter nie elke individuele Christen se verantwoordelikheid om by elke volk in elke uithoek van die aarde uit te kom nie. Christus stuur die hele kerk na elke volk, taal en elke hoekie op die aarde. Elkeen van ons is oral waar ons is, 'n gestuurde. Die kerk is die liggaam van Christus en die hele liggaam word oral gestuur, maar ons elkeen ht deel daaraan. Vir die kerk om haar opdrag uit te voer, moet elke lid van die liggaam daar waar hy of sy is, hul deel doen.

'n Mens hoor dikwels verskonings soos: "Maar ek is nie die regte persoon nie", of "iemand moet die evangelie verkondig, net nie ek nie", of "dis hoekom ons 'n leraar het, dis hoekom ons 'n sendeling ondersteun." Dit is alles geldig – jy is dalk nie die regte persoon om 'n sendeling te wees nie; iemand anders is dalk meer geskik as jy om die evangelie te verkondig. Die leraar en die sendelinge het elkeen hul plek binne die liggaam van Christus, maar waar is jou plek? Elke ledemaat van die liggaam het 'n werk, 'n roeping! Jou gemeente is dalk klein, swak, arm, groot, sterk of ryk. Dit maak nie saak nie! Al die gemeentes vorm deel van daardie liggaam. Rykdom is nie 'n rede vir iemand anders om jou werk te doen nie. Armoede of swakheid is ook nie 'n verskoning om hierdie opdrag wat die Here Jesus persoonlik aan ons gegee het, nie aktief uit te voer nie!

## Slot

Hoe lyk die toekoms van die gemeente waarvan u lidmaat is – donker? Lyk dit of die gemeente nie het wat sy nodig het nie? Die eerste kerk het niks gehad nie, net die Here Jesus se woorde, sy verlossing en die Heilige Gees! Dit het haar in staat gestel om die groot opdrag te gehoorsaam. Gemeentes hoef nie groot te wees nie en groot gemeentes is nie noodwendig sterk nie! Ons hoef nie op moedverloor se vlakte te sit nie, want Jesus Christus het aan sy kerk gesê: Gaan heen en maak dissipels daar waar Ek jou stuur. Die dissipels was in Jerusalem. Hulle het net daar waar hulle was, begin om die evangelie te verkondig toe hulle die Heilige Gees ontvang het. Net daar waar u is, daar is u op hierdie oomblik geroep. Wees gehoorsaam aan sy roepstem – nie in eie krag of vermoë nie, maar in die krag van die Heilige Gees!

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 1-3; Exodus 1-3 | Mattheüs 1:18-25; 2-3; 4:1-11; Markus 4-5 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Deuteronómium 5-8; Esra 1, 4, 7 | Lukas 1-2; Johannes 5-7 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Josua 1-4; Rigters 6-7; 13-14 | Handelinge 1-3; Filippense 1-2; Filémon 1 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 1-3; 2 Samuel 11-12 | Kolossense 1-4; Judas 1 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Ester 1-10 | Titus 1-3; Jakobus 1-3; 1 Petrus 1-2 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 1-3; Jesaja 6-11 | 2 Timótheüs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Jona 1-4; Job 1-4 | Galásiërs 3-6; Hebreërs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 11** | Maleági 1-4; Prediker 1-4 | Romeine 4-8; 1 Korinthiërs 15-16 | Les 1-9 |
| **Belydende lidmate** | 1 Konings 17-19; Exodus 16-19 | Openbaring1-4; Hebreërs 8-10 | NGB: Artikels 27-29 |

# SOEK GOD SE AANGESIG (Lees Ps. 26:1- 27:14)

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR

*Erkenning: Ds. Joubert Ferreira, "April," in* Kerkjaarboek 2017.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | O | O | N | P | L | E | K | S | L | I | N | K | S | E | S | O | N | D | E | R |
| B | O | Y | H | T | O | D | W | A | N | D | E | L | G | F | I | R | O | T | S | G |
| E | R | G | E | O | N | O | D | R | H | D | E | L | E | S | O | S | A | W | O | E |
| E | L | S | E | O | S | V | L | E | E | S | S | H | T | S | I | A | V | O | N | W |
| N | O | T | R | R | K | R | I | G | I | T | R | E | U | E | L | K | E | N | D | E |
| I | G | E | L | N | U | T | E | T | L | E | O | N | I | R | E | R | R | D | A | L |
| E | I | R | I | E | L | E | F | E | V | T | E | N | E | E | W | O | S | E | A | D |
| R | T | K | K | E | D | M | L | R | E | D | E | V | S | K | E | N | T | R | R | W |
| E | E | V | H | A | S | P | I | H | N | I | M | L | Y | H | A | D | O | S | S | A |
| N | N | A | E | D | B | E | K | A | S | E | A | A | N | T | W | O | O | R | D | H |
| I | T | N | I | M | L | L | H | N | O | V | N | O | G | N | S | M | T | K | S | A |
| U | L | W | D | D | O | G | E | D | E | E | G | O | E | D | H | E | I | D | T | A |
| N | M | E | W | T | E | E | I | S | K | A | N | D | E | L | I | K | I | R | E | T |
| L | E | E | U | N | D | G | D | A | A | T | O | E | V | L | U | G | A | W | M | N |
| R | N | N | K | N | O | F | F | E | R | A | N | D | E | S | E | H | O | O | N | B |
| G | S | D | A | L | O | V | V | E | R | T | E | L | M | N | U | A | L | N | T | E |
| E | E | Y | G | W | A | A | R | H | E | I | D | A | N | H | U | I | S | I | S | P |
| L | V | E | R | G | A | D | E | R | I | N | G | A | L | T | A | A | R | N | I | R |
| Y | G | P | G | E | H | E | E | R | S | O | M | K | O | P | E | R | Y | G | E | O |
| K | A | R | A | V | E | R | B | E | R | G | A | A | N | N | E | E | M | A | L | E |
| G | E | N | A | D | I | G | O | H | E | S | T | R | U | I | K | E | L | R | E | F |

Voltooi met onbenutte letters:

_ Y _ _ I _ _ G _ _ _ L _ E _ _ _ T _ _ _ _ E. E

_ W _ _ M _ H _ N _ _ N _ O _ K _ _ _ N _ _ L

_ _ A _ R _ _ M U _ T _ _ _ _ E _ _ _ _.

SOEKWOORDE
AANNEEM
ALTAAR
ANTWOORD
BEPROEF
BLOED
GEGLO
GEHEERS
GELYK
GENADIG
GETUIES
GEWELD
GOEDHEID
HAAT
HANDE
HART
HEERLIKHEID
HEIL
HUIS
KEUR
KNEG
LAER
LEWE
LIEFLIKHEID
MANNE
MENSE
MOEDER
NIERE
NOGTANS
NUT
OFFERANDES
OMKOPERY
ONSKULD
OORLOG
PAD
REGTERHAND
RONDOM
ROTS
SIEL
SIEN
SKANDELIK
SLINKSE
SOEK
SONDAARS
SONDER
STEM
STERK
STRUIKEL
TEMPEL
TENT
TOETS
TOEVLUG
TOORN
VADER
VALSE
VANWEË
VERBERG
VERGADERING
VERHEF
VERLAAT
VERSTOOT
VERTEL
VLEES
VYANDE
WAARHEID
WANDEL
WONDERS
WONING
WOONPLEK



# Eden as tempel, die tempel as Eden

**Prof. Koos Adendorff**[1]

**Wat is die mens en waarom bestaan hy? Hierdie is deel van die diep lewensvrae waarmee die mensdom worstel. Die antwoord is meer omvattend as wat in die beperkte ruimte van hierdie artikel weergegee kan word. Die artikel wil wel die beginpunt van die soektog na die antwoord aantoon, naamlik die Bybel, by name die begin daarvan (Gén. 1-2).**

Génesis 1 beskryf die skepping van die hemel en die aarde, met die skepping van die mens as hoogtepunt. Génesis 2 gaan in fyner besonderhede op die skepping van die mens en sy vrou in en fokus veral op hul plasing in die tuin van Eden. Dit is hier in die tuin waar groter duidelikheid oor die aard en doel van die mens openbaar word.

Die beskrywing van die tuin beklemtoon dat dit ’n deel van God se skepping is, maar nie die hele skepping nie. Die tuin word *in die Ooste* (Gén. 2:8) aangelê, wat aandui dat daar ook na die ander windrigtings dele van die aarde is. Daar is verder spesifieke geografiese bakens wat dit van die res van die skepping (vgl. Gén. 2:10-14) afgrens. Ná die sondeval word Adam en Eva uit die tuin gestuur, wat beteken dat hulle op ’n ander deel van die aarde moes gaan woon. Die tuin van Eden en die res van die aarde is dus van mekaar te onderskei.

Génesis 2:8 se bewoording wek voorts die indruk dat Eden en die tuin van Eden twee afsonderlike plekke is:

> ***Ook het die HERE God ’n tuin geplant in Eden …* (eie beklemtoning). Die verdere beskrywing versterk dié indruk: Génesis 2:10 stel dit duidelik dat *’n rivier uit Eden* (eie beklemtoning) uitgegaan het om die tuin nat te maak.**

As die water uit Eden gevloei het, is die logiese afleiding dat Eden op ’n hoër vlak as die tuin en die res van die omgewing geleë was. Die tuin moet dus verstaan word as aangrensend aan, maar nie identies aan Eden nie.[2]

Die Griekse vertaling van die Ou Testament vertaal die woord “tuin” as Paradys.[3] Dié oud-Persiese leenwoord dui op ’n ommuurde gebied en is uiteindelik gebruik om na ’n koninklike park vir diere, ’n tuin of ’n boord te verwys.[4] Die beskrywing dui dus op ’n uitgestrekte plant- en waterryke park – ’n lushof vir die mens.

Eden en die tuin word beskryf in terme wat vir die antieke Bybelleser sou gesê het: Hier is die woonplek van God op aarde.[5] In die wêreldbeskouing van die antieke heidense mense was berge en tuine die woonplek van gode. Die antieke Bybelleser het ook die voorbeeld van paleise en tempels met hulle weelderige tuine gehad as sleutel om die betekenis van Eden te ontsluit. Op grond van hierdie agtergrond, kom ’n mens tot die gevolgtrekking dat Eden as die woonplek van God op aarde gesien moet word, as’t ware ’n tempelkompleks met Eden as die verblyfplek van God en die tuin van Eden as die ruimte waar God die mens laat woon het. ’n Besondere voorreg van die lewe in die tuin was dat die mens gereeld met God gemeenskap kon beoefen. Uit Génesis 3:8 kan die afleiding gemaak word dat God en mens mekaar daagliks ontmoet het.

Die verrassende van Génesis 2 se beskrywing is dat dit die aarde

in drie dele verdeel: Eden (die woonpek van God[6]), die tuin (waar God en die mens ontmoet en Adam sy werk verrig) en die res van die aarde buite die grense van die tuin. Die driedeling van die latere tabernakel en tempel toon sterk ooreenkoms hiermee: Die Allerheiligste (die woonplek van God), die Heilige (waar die priester diens doen) en die voorhof (waar die gewone Israeliet kon kom). Eden kan dus as die oorspronklike tempel, waarop Israel se tabernakel en tempel gebaseer is, gesien word.[7]

**Die Here het 'n besondere taak vir die mens in die tuin gehad: Die mens is daar geplaas *om dit te bewerk en te bewaak* (Gén. 2:15).**

Dit is insiggewend dat die Hebreeuse woordpaar "bewerk en bewaak" verder in die Skrif gebruik is om mense se diens aan God te beskryf, eerder as 'n beskrywing van landboukundige take.[8] Adam se opdrag kan dus as priesterlike diens in die tuin-tempel verstaan word. Hierdie opdrag, in samehang met die opdrag om te vermeerder en die aarde te vul (vgl. Gén. 1:26-28), het beteken dat Adam en sy nageslag die grense van die tuin van Eden moes uitbrei sodat die hele aarde uiteindelik 'n tuin van God sou wees. In eenvoudige taal gestel: Die mens moes God aanbid en sy koninkryk oor die hele aarde uitbrei sodat die ganse aarde God se heiligdom sou wees.

Adam het dramaties misluk om die heilige ruimte van die tuin te bewaar. Deur sy ongehoorsaamheid is die bose slang toegelaat om die tuin-tempel van God te verontreinig. Adam (en Eva) is as gevolg van hul sondigheid en onreinheid uit die tuin-tempel en die spesiale teenwoordigheid van God verdryf, om oos van Eden te gaan woon (vgl. Gén. 3:24).

Die verdere ontwikkeling van die heilsgeskiedenis leer dat God in sy genade Abraham en sy nageslag uit die gevalle mensdom gekies het, aan wie Hy Adam se opdrag oorgedra het. Soos vir Adam, was 'n heiligdom ook vir Israel die vertrekpunt vir die vervulling van hul roeping. Met die verbondsluiting te Sinai, het Moses die opdrag ontvang om 'n heiligdom vir die Here te maak, dat *Ek in hulle midde kan woon* (Ex. 25:8). Ná Israel se vestiging in die land Kanaän, is die tabernakel (as mobiele heiligdom) deur die tempel (as vasstaande struktuur) vervang.

Die tabernakel en latere tempel was vol simboliek wat aan die tuin van Eden herinner het. Enkeles word genoem: Die tempel was op 'n berg geleë; die versierings in die tabernakel en tempel was vol tuinmotiewe (vgl. Ex. 25:33-35; 1 Kon. 6:18, 29, 32, 35); die kandelaar met sy arms het aan die boom van die lewe herinner; daar was twee figure van gerubs wat oor die verbondsark waggehou het (vgl. Ex. 25:18-20; 1 Kon. 6:23-27), soos gerubs die toegang tot die tuin bewaak het (Gén. 3:24).

Israel se roeping was om die aanvanklike opdrag aan Adam uit te voer deur God se besondere teenwoordigheid wat hulle in die tempel beleef het, oor die hele aarde te versprei. In hierdie verband was hul tempel 'n simbool van die taak wat God hulle opgelê het. Die hele aarde moes vol word van die heerlikheid van die Here.

Israel het egter ook misluk om God se heerlikheid tot aan die eindes van die aarde uit te dra. Die Ou Testament was 'n verhaal wat op 'n einde gewag het. Die einde word in die Nuwe Testament geopenbaar.

**Wat Adam, Noag en Israel in gebreke gebly het om te doen, naamlik om die aarde met die heerlikheid van God se spesiale teenwoordigheid te vul, het die beloofde Messias kom doen.**

Hý is die tweede Adam wat sy kerk uitstuur om God se heerlikheid tot aan die eindes van die aarde uit te brei (vgl. Mt. 28:19; Hand. 1:8). Hy sál slaag. Die Nuwe Testament eindig met die visioen van die hele aarde wat een groot heiligdom sal wees (vgl. Openb. 21-22).

---

1. Hoogleraar in Ou Testament aan die AP Akademie en leraar van AP Kerk Pretoria-Oos.
2. John H. Walton, *Genesis*, The NIV Application Commentary (Grand Rapids, Michigan: Zondervan, 2001), 166.
3. Randall Tan and David A. deSilva, *The Lexham Greek-English Interlinear Septuagint* (Logos Bible Software, 2009), Ge 2:8.
4. Jonathan D. Sarfati, *The Genesis account. A theological, historical, and scientific commentary on Genesis 1-11* (Powder Springs, Georgia: Creation Book Publishers, 2021), 312.
5. M.S. Heiser, *The unseen realm: Recovering the supernatural worldview of the Bible* (Bellingham: Lexham Press, 2015), 44-48.
6. G.K. Beale and Mitchell Kim, *God dwells among us. Expanding Eden to the ends of the earth* (Nottingham, England: Inter-Varsity Press, 2014), 29.
7. G.K. Beale, *The temple and the church's mission. A biblical theology of the dwelling place of God* (Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press, 2004), 79-80.
8. John H. Walton, *Genesis*, 172.



# Die ware Tempel wat aan die kruis gehang het

**Pieter van Deventer**[1]

**Een van die mooiste dinge in die Bybel is die tempel. Onderwysing daaroor is nie sommer net vervelige stukke inligting in die bladsye van God se Woord nie. Dit is iets wat aan jou hart moet raak. In wese gaan die tempel oor iets wat veronderstel is om naby aan elkeen van ons se hart te wees: Die tempel gaan oor "verhouding" – oor God se "saamwoonverhouding" met sy volk.**

Stel jouself hierdie pragtige paleis voor. In die paleis is daar 'n skitterend-grootse koning en 'n tafel wat gedek is met die allerheerlikste kos. Daar is 'n fees aan die gang: musikante speel op instrumente en mense sing vrolike liedere. Dít is wat die tempel veronderstel is om uit te beeld. Dit is God se paleis en Hy wil hê ons moet inkom en saam met Hom feesvier. Alles in die tempel van die Ou Testament het daaraan herinner dat dit die huis is waar God saam met sy volk wil woon. God is daar en Hy nooi die mens uit om Hom daar te leer ken. Soos 'n man en 'n vrou nadat hulle getroud is in een huis saamwoon, so wou God saam met sy volk in een huis woon.

## Die egskeiding

God se volk was egter ontrou aan Hom. Hy het sy bruid in sy huis ingebring, maar sy wou nie saam met Hom feesvier nie. In Jeremia 3:6 sê God dat Israel soos 'n bruid is wat egbreuk pleeg: *Het jy gesien wat die afkerige, Israel, gedoen het? Sy het op elke hoë berg en tot onder elke groen boom gegaan en daar gehoereer.* As gevolg van haar hoerery, sê God, sal Hy haar oordeel. Hierdie oordeel is dat Hy van haar sal skei (vgl. Jer. 3:8).

Dit is wat die ballingskap was: 'n kosmiese egskeiding. God en sy volk was veronderstel om in volmaakte harmonie en liefde saam te bly. Maar God se bruid wou haar Man nie gehad het nie. Dit is asof God haar by die voordeur ingebring het om saam met Hom fees te vier, maar sy het by die venster uitgeklim om Hom te verneuk. Die gevolg was dat die tempel afgebreek is. Die plek waar God en mens moes saamwoon – waar God se volk die soete gemeenskap met Hom kon proe – is vernietig. Die tempel wás die plek waar God se volk saam met Hom kon feesvier. Maar daar kon net 'n fees wees as daar 'n huwelik was, want niemand kan feesvier oor egskeiding nie.

## Immánuel

Gelukkig was dít nie die einde nie. Die profeet Hoséa moes met 'n hoer trou om die volk te wys dat God steeds 'n plan het om sy huwelik met hulle te herstel, ten spyte van hul ontrouheid.

Eségiël verkondig ook dat God 'n nuwe tempel sal bou waar sy volk weer saam met Hom kan feesvier – 'n tempel wat baie groter en heerliker as Salomo se tempel sal wees (vgl. Eség. 40-48). God het steeds 'n pad wat Hy met die mensdom wil stap. Ons sien dit baie mooi in die bekende profesie van Jesaja 7:14:

> *Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.*

Immánuel beteken: "God met ons". In wese is dít wat die tempel veronderstel was om uit te beeld: Dáár is God – en daar is Hy mét ons! Dáár woon God en mens saam in soete gemeenskap.

'n Paar eeue ná hierdie profesie word 'n maagd swanger. 'n Engel verskyn aan haar en sê vir haar dat hierdie die beloofde Kind is. Hy is Immánuel: *God met ons* (Mt. 1:22-23). Hy is die ware Bruidegom. Hy is die Een by wie en deur wie ons God kan ontmoet (vgl. Joh. 14:6). Hy is die Een wat ons uitnooi na die feesmaaltyd van sy eie liggaam en bloed (vgl. Joh. 6:32-59).

## Die tabernakel

'n Baie letterlike vertaling van Johannes 1:14 sal so lees: *En die Woord het* [vleis] *geword en het onder ons* [kom tabernakel] *– en ons het sy heerlikheid* [gesien], *'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.* Wanneer God die Seun mens word, is sy liggaam die tabernakel van God, die tent waarin God nou woon. Dit alles beteken dat Hy die ware tempel is. Sy liggaam is die nuwe plek waar God en mens bymekaar woon. Sy liggaam is die huis van God: Hyself is God. Waar die Seun stap, daar stap God. As mense Hom sien, sien hulle God. As mense Hom omhels, omhels hulle die ware tempel.

## In drie dae

In Johannes 2:13-22 gaan Jesus Christus na die tempel van Herodes. Wat Hy daar kry, is allesbehalwe wat die tempel veronderstel is om te wees. In plaas van 'n paleis waar God en sy bruid mekaar kan geniet, is dit 'n markplein. Dink jouself in: Jy kom ná 'n lang dag van harde werk by die huis en dan het jou vrou besluit om almal in die buurt uit te nooi om in jou huis in te kom en 'n aanbod op die meubels te maak! Wanneer Christus na die tempel kom, is dit God wat na sy eie huis terugkom. In die tempel van Herodes is daar die Allerheiligste, die deel waar net God woon. Wat Christus hier doen, is om na sy eie huis op te trek: Hyself is die Allerheiligste en Hy trek op na die Allerheiligste om hierdie Allerheiligste te reinig. Terwyl Hy daarmee besig is, vra die Jode vir Hom vir 'n teken. Basies sê hulle vir Hom: "Doen vir ons 'n wonderwerk sodat ons seker kan wees dat God U gestuur het om die tempel te reinig." Sy antwoord is:

> ***Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig* (Joh. 2:19).**

Hy praat egter nie van Herodes se tempel nie, maar van sy eie liggaam (vgl. Joh. 2:21). Aan die kruis sal die ware tempel afgebreek word en drie dae later sal die ware tempel weer opgebou word.

## Die kruis

Eers wanneer ons na die kruis kyk, kan ons God se tempel begin verstaan. Die idee van die tempel was van die begin af dat dit die plek is waar God en mens saamwoon. Dadelik moet ons dan vra: "Hoe is dit moontlik? Hoe kan God en mens saamwoon as die mens so sleg is?" Een van die belangrikste sake aangaande die tempel, was die offers. Dit moes God se volk daaraan herinner dat Iemand se bloed êrens langs die pad geëis moes word. God kan nie saam met ons kom bly terwyl ons so sondig is nie. Dit is asof ons vol modder is en sy skoon-heid kan nie met ons vuil-heid saamwoon nie. Iemand moet sterf sodat ons skoongewas kan word.

Dit is wat aan die kruis gebeur het: Iemand hét gesterf. Daar vind egter nog 'n skeiding plaas wanneer Christus uitroep: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* (Mt. 27:46). Weet jy wat dit beteken? Aan die kruis was God se Seun nie in die tempel nie! Daar het God Hom uit sy tempel verban. Daar het God sy eie tempel afgebreek.

Jesus Christus het dit alles deurgegaan sodat ons dit nie hoef deur te gaan nie. Hy is uit die tempel verban sodat ons by die tempel kan ingaan. God het Hom verpletter sodat Hy ons kan vertroos. Ons mag na die gekruisigde Seun kyk en weet: dáár is die ware tempel, dáár kan ons gaan om God te ontmoet, dáár kan ons saam met God feesvier! 😊

---

1. Finalejaar teologiese student.


**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

**Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959**

**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**



# Die nuwe Jerusalem: Eden, en tog soveel meer ...

**Dr. Barend Hefer**[1]

**Die inhoud van die Skrif is die vertelling van God se raadsplan tussen twee spieëlbeelde: Génesis 1-2 vertel van die skepping; Openbaring 21-22 is die spieëlbeeld van die herskepping. Binne hierdie spanning van skepping en herskepping speel die tuinmotief 'n sentrale rol.**

Tog is die herskepping nie maar net 'n tweede weergawe van die skepping en die toekomstige nuwe Jerusalem maar net 'n "herlaai" van die eerste Eden nie. Nee, die eerste Eden was maar net 'n skaduwee van die nuwe Eden, 'n beter Eden – die nuwe Jerusalem wat kom.

## Die tuinmotief van die nuwe Jerusalem

In die beskrywing van die nuwe Jerusalem tree die motief van Eden na vore. In die sentrum van die stad is 'n rivier wat langs die hoofstraat van die stad vloei (vgl. Openb. 22:1-2), wat herinner aan die rivier wat in Eden ontspring en in vier strome verdeel het (vgl. Gén. 2:10-14). Ook die boom van die lewe wat tussen die hoofstraat en die rivier staan en elke maand vrug dra (vgl. Openb. 22:2), wat herinner aan die boom van die lewe wat in die middel van die tuin van Eden gestaan het (Gén. 2:9). In hierdie stad woon God onder die mense (vgl. Openb. 21:3), wat herinner aan die wandeling van die Here saam met Adam en Eva in die aandwind (vgl. Gén. 3:8), met ander woorde, 'n plek waar daar onverhinderde gemeenskap met God was.

## Die nuwe Jerusalem is beter as Eden

Ten spyte van die ooreenkomste, is die nuwe Jerusalem, volgens Openbaring 21-22, iets veel beter as net Eden.

### *Verlies teenoor terugkeer*

Eden as plek, was iets wat Adam en Eva ná die sondeval verloor het. Ons lees in Génesis 3:23-24 dat die Here hulle uit die tuin weggestuur het en die ingang daarvan deur gerubs laat bewaak het. Maar nog meer as die verlies van die plek, was die diepste verlies dat die mens sy volmaakte verhouding met God verloor het. Die Here sou nie meer, soos vantevore, saam met Adam en Eva in die tuin wandel nie (vgl. Gén. 3:8).

Wanneer die nuwe Jerusalem egter verskyn, sien ons dat hierdie wandel-met-God-verhouding nie net herstel word nie, maar veel dieper en meer intiem raak. 'n Stem kondig aan dat die woonplek van God by die mense is (vgl. Openb. 21:3). Johannes sien dat die Here God en die Lam in die nuwe Jerusalem woon (vgl. Openb. 21:21) omdat die troon van God en die Lam daarin gevestig is (vgl. Openb. 22:1).

**Ná die sondeval het Adam en Eva hierdie wandeling met die Here verloor, maar met die verskyning van die nuwe Jerusalem, keer die God van Eden op 'n meer besondere wyse terug – nie net om tydelik saam met mense te wandel nie, maar om onder hulle te woon.**

### *Bome teenoor 'n boom*

'n Volgende verskil tussen die tuin van Eden en die nuwe Jerusalem, is die melding van die bome. In Génesis 2:9 lees ons van twee bome: aan die een kant die boom van die lewe in die middel van die tuin van Eden, en aan die ander kant die boom van kennis van goed en kwaad. Dit is met betrekking tot laasgenoemde wat die Here die gebod gee om nie van die vrugte daarvan te eet nie (vgl. Gén. 2:17). In hierdie opsig was dit vir die mens moontlik om die gebod van God te oortree en te sondig – soos hy dan inderdaad ook in Génesis 3 doen.

Wanneer ons egter na die beskrywing van die nuwe Jerusalem kyk, vind ons dat daar geen melding is van die boom van kennis van goed en

kwaad nie. Die enigste boom waarvan melding gemaak word, is die boom van die lewe (vgl. Open. 22:2). Daarmee saam lees ons ook in Openbaring 21:27 dat daar niks onrein, vals of sleg in die stad te vinde is nie. Met ander woorde, daar is niks wat die mens kan wegtrek van hierdie nuwe en herstelde verhouding met die Here God en die Lam nie. Dit sal daarom vir die mens op die nuwe aarde onmoontlik wees om weer teen God in opstand te kom.

### *Aardse teenoor lewende water*

Soos reeds gemeld, kom die beeld van die rivier in beide Génesis 2 en Openbaring 22 voor. Tog is daar in die gebruik van hierdie beeld 'n belangrike verskil. Die rivier van Génesis 2 vind sy oorsprong in die tuin van Eden, terwyl die rivier van die nuwe Jerusalem sy oorsprong vind in die troon van God en die Lam, dit wil sê, in God self. Hierdie rivier, saam met die boom van die lewe, verteenwoordig die ewige lewe wat die gelowige sal ervaar en wat tot in ewigheid deur God self in stand gehou sal word. In die woorde van Christus:

> ***... die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe* (Joh. 4:14);**
>
> **en: *Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei* (Joh. 7:38).**

Adam en Eva sou uit die strome van Eden drink en telkens weer daarna moes terugkeer, terwyl hierdie stroom van lewende water lei tot die les van dors tot in ewigheid.

### Die nuwe Jerusalem is meer as 'n plek

Die punt wat ons egter moet raaksien, is dat die nuwe Jerusalem nie 'n plek is nie. Johannes word die *bruid van die Lam* getoon, maar wat hy sien, is *die heilige stad Jerusalem* (Openb. 21:9-10). Het die engel 'n fout gemaak? Nee. Die bruid van die Lam is die nuwe Jerusalem; en die bruid is die Kerk van Christus (vgl. 2 Kor. 11:2; Openb. 19:7; 22:17). Ons het hier met simboliese taal te doen: die goud, kosbare edelgesteentes en stralende lig dui op die Kerk in haar verheerlikte toestand. Haar poorte en fondamente (vgl. Openb. 21:19-21) dui op die feit dat sy uit alle gelowiges uit die Ou én Nuwe Testamentiese bedeling bestaan. Daar is ook geen tempel in haar nie, omdat sy self die Allerheiligste[2] is waarin God woon (vgl. Efés. 2:20-22). Ons gaan dus nie "na die stad toe nie, ons ís die stad".[3]

Dit is dan ook oor die toegang tot hierdie "nuwe Jerusalem" of "hemelse Eden", wat Richard Baxter, skryf: "Ons eerste en aardse paradys in Eden het 'n pad daaruit gehad, maar geen pad wat ons terug daarheen kon vind nie; hierdie ewige paradys het 'n pad in (vir ons 'n Melkweg, maar vir Christus 'n Bloedweg), en geen uitgang weer nie."[4] Om dus deur Christus se bloed, kruis en opstanding ingebring te word in hierdie Jerusalem en Eden, is om deel te hê aan die ewige lewe op die nuwe aarde.

### Samevatting

Die nuwe Jerusalem is meer as net 'n terugkeer na Eden – dit is die vervulling daarvan en verbetering daarop! Eden gee slegs 'n voorskou, 'n smakie van die heerlikheid wat vir die gelowige wag. Ons sal nie net wandel met God nie, ons sal saam met Hom lewe, ja, nog meer: Ons sal sy woonplek wees!

---


1. Leraar van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan.
2. Die enigste plek in die Bybel wat 'n kubus gevorm het, was die Allerheiligste. In die tabernakel was dit 5 el x 5 el x 5 el (vgl. Ex. 26:15-16, 22) en later in die tempel 10 el x 10 el x 10 el (vgl. 2 Kron. 3:8). Die nuwe Jerusalem word afgemeet as 12 000 stadia x 12 000 stadia x 12 000 stadia (vgl. Openb. 21:16).
3. J.R. Beeke, *Revelation, The Lectio Continua Expository Commentary on the New Testament* (Michigan: Reformation Heritage Books, 2016), 568.
4. R. Baxter & W. Orme, W. 1830. *The Practical Works of the Rev. Richard Baxter* (London: James Duncan, 1830), 170. Vertaal: BJ Hefer.



**HULDEBLYK:**

# Ds. GF Botha

## 3 September 1940 – 7 Januarie 2024



**George Frederick Botha is op 3 September 1940 gebore. Hy begin op Krugersdorp skoolgaan en sit sy skoolloopbaan op Klerksdorp voort.**

Hy ontmoet sy vrou, Bettie, tydens ’n sendingtoer op Maandagshoek en hulle tree op 28 Oktober 1961 in die huwelik. Uit die huwelik is vier kinders gebore. Onder die genadige hand van die Here groei hul nageslag met dertien kleinkinders en tien agterkleinkinders.

George het eers ’n betrekking in die korporatiewe wêreld gehad, maar volg die roepstem van die Here op en begin in 1972 met sy teologiese studie aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende sy studentejare kruis ons paadjies. Hy en Bettie se huis in Sunnyside, was vir ons jong studente soos ’n tweede ouerhuis. As student werk hy by die WNNR vir ’n inkomste, terwyl Bettie as teatersuster werksaam was. Toe my pa in my derde studiejaar oorlede is, het George gehelp dat ek ook by die WNNR werk kry om die pot aan die kook te hou.

Ná sy legitimasie in 1978, aanvaar hy ’n beroep na die NG Kerk Glenharvie. Daarna bedien hy die NG Kerk Oos-Londen Noord, waar hy benewens die Afrikaanse gemeente, ook in Engels bedien het. Ná 20 jaar se voltydse bediening, tree hy in 1998 af en verhuis na Stilfontein. Die bediening bly hom egter na aan die hart en hy sit dit voort in die AP Kerke Hartbeesfontein en Leeudoringstad. Hy het ook in verskeie ander gemeentes afgelos en oor Radio Koppies bedien. Terselfdertyd werk hy by sy oudste seun se besigheid deur onder meer ou Listerenjins te herstel. Masjinerie was altyd ’n groot belangstelling van hom.

George se gesondheid het mettertyd agteruitgegaan en uiteindelik was hy ernstig siek. In November 2023 het hy en Bettie hul huis in Stilfontein verruil vir ’n plek in Panorama-aftreedorp in Klerksdorp. Op 7 Januarie het die Here hom na sy ewige tuiste kom haal.

George (en Bettie) se liefde vir die Here en entoesiasme in sy diens, sal ’n inspirasie bly vir almal wie se lewens hulle aangeraak het. Ons bid Bettie, die kleinkinders en agterkleinkinders die troos van die Here toe.

**Koos Adendorff**


# Belfast Rusoord

*Kom maak ons rusoord jou tuiste waar jy in goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike senior burgers rustig kan raak.*

ONS BIED DIE VOLGENDE: 24 uur mediese versorging • GKTV • 24 uur sekuriteits-toegangsbeheer • Drie gebalanseerde maaltye per dag • Aktiwiteite vir elkeen.

PRYSE: Semiversorgend – R6 180 • Verswakte bejaardes – R 6 720 • Woonstelle: Selfversorgend – Eenmanwoonstel – R2 830 • 1 Slaapkamer R4 500 – 2 Slaapkamer R6 070.

WEES BARMHARTIG

**Kontak die bestuurder vir enige navrae:**
**Riana de Villiers by 013-253 3121 / 063 663 7449 of e-pos: manager@belfastrusoord.co.za**



# Priesterlike "bewerking" in Eden: Erediens!

**Ds. Attie Boshoff**[1]

**Eden is die ontmoetingsplek tussen God en mens. Die hoofsaak van hierdie ontmoeting is die heerlike saamwees van God en mens, die mens se wandel voor die aangesig van God.**

Christus self is die tweede Adam. Hy is ook die nuwe tempel. Die nuwe Jerusalem is die uiteindelike herstel van Eden. Daarom vervul die kerk van Christus 'n belangrike rol in die tyd tussen Christus se aardse bediening en die hemelse volmaaktheid wat kom!

Die ware, onsigbare Kerk van Christus is in hierdie laaste dae die tempel waarin die heerlike teenwoordigheid van God gesien word. Die sigbare kerk moet die grense van hierdie tuin-tempel uitbrei totdat Christus kom! Met sy wederkoms word die tuin Eden, die tempel, in sy volle heerlikheid vir ewig gevestig.

Die opdrag aan die mens was aan die begin om die tuin te *vul* en dit te *bewerk*. Dit is ook die opdrag van die kerk.

## Hoe vul ons die tempel, die tuin?

Daar is twee maniere waarop dit gebeur. Eerstens deur vrugbare Christelike gesinne wat ín die verbond van God leef en dit úitleef. Tweedens gebeur dit deur sendingwerk, waar ongelowige mense deur God se genade deel aan die tuin, die tempel, kry. Die kerk groei organies op hierdie twee maniere.

Wanneer die kerk, bemagtig deur die Gees (vgl. Hand. 1:8), gehoorsaam is aan haar opdrag (vgl. Mt. 28:19), sal mense God se barmhartigheid beleef – ook noodlydendes sal smaak dat God goed is en dat die nuwe skepping in Christus aangebreek het. Hy keer die vloek van sonde om! Die kerk wat leef as die sigbaarmaking van die nuwe tuin, die tempel, sal noodlydendes uit haar oorvloed kan versorg en by die tafel van God se versorging laat aansit.

## Hoe bewerk ons die tuin?

Die kerk, as priesters van God, se taak is om Hom voortdurend te aanbid en te dien. Ons doen ons diens in die teenwoordigheid van God, bewus van sy heerlikheid en heiligheid. Om God te aanbid en Hom te dien, is ons hooftaak op aarde. Hierdie taak omvat alles wat ons elke dag doen.

Maar dié diens en aanbidding word in die besonder aktief en sigbaar in die samekoms van die gemeente. In die erediens, op die Here se dag, word die kerk toegerus om elke dag in aanbidding en diensbaarheid te leef. Die Griekse woord wat ons met *liturgie* vertaal, het as grondbetekenis "aktiewe diens".

Die kerk se liturgie is aktiewe diens aan God, nie net op 'n Sondag nie, maar voortvloeiend vanuit die Sondag ook op elke dag van die week!

**In die erediens verlustig ons ons in God se teenwoordigheid – dit vul ons lewe en gedagtes, ons word met sy Woord deurdrenk.**

Hierdie Woord rus ons toe vir ons dienswerk. In die erediens is ons in opregte aanbidding van God – aanbidding wat ingedra word in elke dag se leef voor die aangesig van God. Ons lof en verheerliking in die erediens, wat spruit uit die heerlikheid van sy teenwoordigheid, word die lof en verheerliking van elke dag. Die skuldbelydenis, vryspraak en geloofsbelydenis van die erediens, spoel oor na ons lewe in teenwoordigheid van God waar ons dit voortdurend doen en beleef. Ons leef die preek elke dag uit.

Elke deel van die liturgiese orde is op God gerig – dit is uit Hom, deur Hom en tot Hom! Daarom is die ere-diens aan God nie iets wat net op 'n enkele dag in die week

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.

Vervolg op bl. 27 ❯❯

# SMELTOOND



• *Mei 2024* •

**Deur Charlotte Möller**

# Hemel, Hel en hotel Hazbin

*En die* **Here** [eie beklemtoning] *sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan ...* (2 Tim. 4:18a).

Eens op 'n tyd was daar 'n plek genaamd Hemel, 'n skitterende stad met goue poorte. Hemelinge, engele met suiwer harte, het die stad bewaak. Lucifer was een van hulle. Hy was 'n dromer en het die mees fabelagtige idees vir die skepping gehad. Vir die Aartshemelinge was hy egter 'n moeilikheidmaker, want sy manier van dink het nie by hulle manier van doen ingepas nie. Hy het toe maar toegekyk hoe hulle die skepping op hul manier uitbrei ...

Uit die stof van die aarde het hulle Adam en sy eerste vrou, Lilith, die een nie belangriker as die ander nie, as die eerste mense geskep. Hiermee was Adam egter glad nie tevrede nie, want hy wou alleen heers. Lilith het geweier om die knie voor Adam te buig en het uit die tuin gevlug. Gelok deur haar vurige onafhanklikheid, spoor Lucifer haar op en die twee rebelse dromers raak verlief. Saam wou hulle die wonder van "vrye wil" met al die ander mense deel. Hulle het die vrug van kennis na Eva, Adam se tweede vrou, uitgehou. Sy het dit gretig gevat.

Hierdie geskenk het 'n bedekte vloek gehad, want met hierdie een daad van ongehoorsaamheid, kry boosheid vastrapplek op aarde. Die ordelike bedeling wat die Hemelinge in stand wou hou, was daarmee heen.
As straf, is Lucifer en Lilith oorgegee aan die boosheid wat hulle self veroorsaak het. Van toe af sou Lucifer net met die slegte kant van mense te doen hê. Hy sou nie kon sien hoe goed hulle kan wees nie ...

Lucifer was verpletter – hy kon nie meer droom nie. Maar Lilith het geblom. Sy het mense verlei met woord en sang en soos Hel se inwonertal gegroei het, so ook sy mag. Bedreig hierdeur, het die Hemelinge 'n meedoënlose besluit geneem: Jaarliks sal hulle 'n uitwissingsleërmag aarde toe stuur om seker te maak dat Hel en sy inwoners nooit teen hulle in opstand kom nie. Lilith was geensins van stryk nie, want die bal was nou in die hande van haar dogter, Charlie Morningstar, die prinses van Hel.

"Moenie bekommerd wees nie, Ma, ek sal jou trots maak!"[1]

Amazon Prime Video se lokgreep van *Hazbin Hotel* het binne dae ná sy debuut op 19 Januarie, die mees gekykte nuwe animasietitel wêreldwyd geword. Kyk 'n mens daarna, laat dit jou egter binne die eerste paar sekondes regop sit: Hoor ek reg wat ek hoor? Want om die skeppings- en sondevalverhaal, maklik genoeg vir 'n kind om te verstaan én reg oor te vertel, so verdraai te moet aanhoor, is een te veel!

*Hazbin Hotel* is 'n volwasse strokiesprent en musikale komedie met 'n gradering van 18 en ouer weens geweld, dwelmmisbruik, vuiltaal en seksuele inhoud. Ten spyte hiervan, is baie kritici en kykers in hul noppies daarmee, want gaan dit dan nie oor "die verlossing en rehabilitasie van sondaars" nie? Is dit dan nie juis wat die biseksuele prinses Charlie met haar hotel Hazbin beoog, om sondaars te bekeer en hulle in die hemel te kry nie? So eenvoudig is dit beslis nie, want van wanneer af help duiwels sondaars om tot bekering te kom!

So word Lucifer byvoorbeeld uitgebeeld as 'n held wat misverstaan word. En Adam as 'n verwaande chauvinis (voor die sondeval) en Lilith, sy fiktiewe "eerste vrou", as 'n vroulike rolmodel. Alhoewel God nie direk genoem word nie, impliseer die engele se wraaksugtige houding jeens sondaars (die uitwissingsleërmag) dat die Here behae daarin het om straf uit te deel. Die klem op Eva se sonde as 'n "enkele daad van ongehoorsaamheid", wil sê dat dit nie so 'n groot bohaai is soos wat die Bybel daaroor maak nie en dat die straf onregverdig was.

Mense volg *Hazbin Hotel* beslis nie om Bybelse teologie te leer nie, maar die wanuitbeelding van Bybelse waarhede, vestig 'n wanbegrip by onwedergebore kykers oor die karakter van God. Ons moet nie verbaas wees oor die reusesukses van *Hazbin Hotel* nie, want die vuiltaal, vulgêre humor en verdraaide vertelling lok die sondige hart.[2]

---

1. Vertaling van die lokgreepdialoog. Kyk die lokgreep hier: https://bit.ly/4cJSC5p
2. Lees die volledige resensie hier: https://bit.ly/3U57SlW



# Jaag die Bose uit

**Ds. Johann Trollip**[1]

**Die mandaat om die aarde te bewaak, het nie ná die sondeval opgehou nie Dit is oorgedra na Noag, na Abram en later na Israel. Die woorde "bewerk en bewaar" word albei aan die Levitiese amp en die tempel gekoppel.**

Die tempel was, net soos die tuin van Eden, die plek waar God teenwoordig was. Ons kan dus sê dat die doel van die kultuuropdrag was om die verbondsverhouding tussen God en die mens te beskerm. Die opdrag om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie, wys vir ons dat die verhouding bewaak kon word deur God in geloof en gehoorsaamheid te dien. Vanaf Génesis tot Openbaring wys God dat Hy gehoorsaamheid liewer as brandoffers het. In Filippense 2:8 lees ons dat Christus Homself verneder het deur gehoorsaam te wees tot die dood toe, die dood aan die kruis.

Waar die mens geval het, staan Christus. Hy oorwin Satan in die woestyn en finaal aan die kruis. Ons sien die aanvang van sy koninklike werk om te onderwerp en te heers, sowel as sy priesterlike taak om die heiligdom te bewaar. Die vervulling van Christus (die tweede Adam) se roeping, word net soos die eerste Adam (mens), aan 'n tempel verbind. Dit wys egter na die Persoon van Jesus Christus. In Johannes 2:19 verwys Jesus na sy eie kruisdood wanneer Hy praat van die tempel wat afgebreek en in drie dae weer opgebou sal word. Christus is dus die ware tempel van God. Die mandaat om te bewaak, word dan oorgedra aan die kerk van Christus wat bestaan uit gelowiges uit elke stam en nasie en taal. Hulle het die Heilige Gees ontvang wat hulle onderrig en leer om alles te onderhou wat die Here Jesus hulle beveel het.

Ons leer 'n belangrike beginsel uit die onderwysing aangaande die tuin van Eden. Die lewe is gemeenskap met God deur gehoorsaamheid aan die woord van God. As Adam gehoorsaam was aan die opdrag, sou hy God deur geloof en gehoorsaamheid bly dien het. Die verhouding met God moet bewaak word deur weg te bly van die Bose, deur geloof in en gehoorsaamheid aan God.

As priesters in God se tempel, is dit die kerk se taak om God te aanbid en Hom voortdurend te dien. Deur aanbidding word die verhouding tussen God en sy kerk bewaak. Verder is die leer van, onderrig in en gehoorsaamheid aan God se Woord die blywende taak van die gelowige. Dit is die wyse waarop die kerk as tempel van God teen gevare wat die kerk trotseer, bewaak word.

Gebed vorm deel van die priesterlike taak van die gelowige. Salomo se gebed tydens die tempelwyding het dit duidelik gemaak dat gebed 'n belangrike funksie van die tempel is (vgl. 1 Kon. 8:28-53).

**Later het Jesaja in sy profetiese uitspraak vooruit aangekondig dat die eindtydtempel *'n huis van gebed genoem* [sal] *word vir al die volke* (Jes. 56:7).**

As konings moet ons heers oor die sonde. Die kerk moet die Woord en die sakramente suiwer bedien. Verder moet daar deur die toepassing van die kerklike tug gewaak word teen die wrede wolwe wat die kudde van God wil verskeur. Die troos is dat die taak om te bewaak nie op eie krag of eie vermoëns hoef staat te maak nie. Christus stuur sy Gees as Helper. Ons is tempels van die Heilige Gees en daarom voer ons ons mandaat in die krag van die Gees uit.

Wanneer die Heilige Gees in ons woon, is dit vir ons moontlik om beelddraers van God te wees. So

1. Leraar van die AP Kerk Kathu.

Vervolg op bl. 27 »

WAT DOEN MY KERK?

## AP KERK PRETORIA-OOS BIED AAN:

# SKOOLVERLATERSKAMP

## Kampdatum: DV Sondag 16 Junie – Saterdag 22 Junie

Die wintervakansie kruip nader, en dit is weer tyd vir Skoolverlaterskamp! 'n Skoolverlaterskamp is 'n unieke geleentheid wat die Here gee om geestelik te groei en die volwasse lewe voorbereid tegemoet te gaan. Dit is ook besonderse pret saam met mense wat uit dieselfde agtergrond kom. Die toekoms wag, gryp dit voorbereid aan! Wees verseker dat ons jou verwagtinge gaan oortref!

**KAMPBESONDERHEDE:**

**Kampterrein:** ESPERANZA (Dit is sentraal geleë, ongeveer 20 km buite Viljoenskroon en minder as 70 km vanaf Potchefstroom.) GPS-koördinate sal op versoek gestuur word.

**Koste:** R1 500 per skoolverlater. Die kerkverband borg R300 per kind! Die kampgeld wat betaal moet word, is R1 200. Kerkrade moet skoolverlaters asseblief probeer subsidieer indien hulle dit moeilik vind om die volle kampgeld te betaal.

**Kampgeld kan in die volgende bankrekening betaal word:**
Capitec • Rekeningnaam: APK Skoolverlaterskamp • Rekeningnommer: 1309 417 359
Takkode: 470010 • Verwysingsnommer: Naam en van (skoolverlater)

**Kontakbesonderhede:**
Ds. Attie Boshoff by attie.boshoff@apk.co.za of 071 229 3035 of Maritsa Pretorius by maritsapret36@gmail.com of 072 576 1247 vir inskrywingsvorms en meer besonderhede. Inskrywings sluit 10 Junie.


**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**Oornagverblyf Kroonstad**

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**SELFSORG OORNAG WOONSTEL IN PRETORIA**

Rosi se skoon, tenvolle toegeruste slaapgeriewe is weer oop. By Menlyn Mall en Main, naby 6 hospitale, by op- en afritte na N1.

**Skakel Rosi by 078 658 6989**

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

MAJUBA 1881

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756



# Gaan dan heen, vermeerder en vul die aarde met beelddraers van God

**Ds. Emilé Trollip**[1]

**As 'n liggaam in aksie, het die kerk van Jesus Christus 'n belangrike opdrag om uit te voer. In die Skrif gee die Here twee belangrike opdragte aan sy kerk.**

Die eerste staan bekend as die kultuuropdrag: *Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde ...* (Gén. 1:28). Die tweede is die sendingopdrag: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ...* (Mt. 28:19). John Frame stel dat hierdie twee opdragte in hul wese dieselfde beginsels weergee.[2]

## Die kultuuropdrag

As verteenwoordigers van die ganse mensdom wat geroep is om God te dien, is die kultuuropdrag aan Adam en Eva ook 'n opdrag aan die kerk. Die Here se bedoeling met die kultuuropdrag was dat die aarde gevul word met mense wat gretig en gewillig is om sy wil te doen. Of, soos prof. Adendorff dit tydens die 2023 teologiese dag gestel het, dat die mens "as beelddraer van God die grense van God se woonplek onderwerpend en heersend uitbrei sodat dit die hele aarde sal vul en God oral erken en aanbid sal word as Koning".

## Die sendingopdrag

Ná die sondeval het Adam en Eva wel die aarde met mense gevul, maar nie met beelddraers van God wat Hom verheerlik nie. Die beginsel waaraan die kultuuropdrag uitvoering moes gee, word in Matthéüs 28:19 deur die Here Jesus aan sy dissipels oorhandig. Wanneer Christus aan sy dissipels sê: "maak dissipels van al die nasies," het Hy die uitbreiding van God se lieflike koninkryk voor oë.

> **Die Here gebruik sy kerk om sy koninkryk oor die hele aarde te vestig sodat Hy in gees en waarheid aanbid en verheerlik kan word.**

## Die kerk se opdrag

Die taak en die doel van die kerk is dus: Gaan dan heen, vermeerder en vul die aarde met beelddraers van God. Die vraag is: Hoe kan die hedendaagse kerk aan hierdie groot opdrag gehoor gee?

Eerstens word verbondsouers geroep om soos Adam en Eva, hul vrugbaarheid in diens van die Here te stel en letterlik te vermeerder deur kinders te kry. Verder is die taak van verbondsouers om hul kinders as verbondskinders in die vrese van God groot te maak. Verbondskinders word as dissipels tot eer van die Here in die wêreld uitgestuur.

Tweedens het die groot opdrag ook ten doel dat die kerk die aarde met die spesiale teenwoordigheid van God vul, deur uit te reik na mense wat nie in die teenwoordigheid van God wandel nie. Dit geskied deur sending en evangelisasie. Die kerk se opdrag is om die grense van Eden uit te brei deur ongelowige harte te bereik en afvalliges op te soek.

As dissipels van die Here Jesus kan en moet elkeen in die kerk by die uitbreiding van die grense van Eden betrokke te raak.

## Hoe kan ek die grense van Eden uitbrei?

1 Besef dat dit die Heilige Gees is en nie die mens nie, wat harte verander. Vra die Gees om harte van mense te open, maar ook om die kerk toe te rus vir haar heilige werk.

2 Gaan uit in die gemeenskap en maak vriende met ongelowiges, bou verhoudings met afvalliges en gryp elke

1. Leraar van die AP Kerk Ottosdal/Sannieshof/Coligny.
2. J.M. Frame, *Salvation belongs to the Lord: An introduction to systematic theology* (New Jersey: P&R Publishing Company, 2006), 250.

Vervolg op bl. 27 ››



# Liturgie gesien vanuit die Ou Testament

**Ds. Pieter Malan**[1]

**Die begrip "liturgie" is nie 'n onbekende of vreemde woord vir die kerkganger nie. Dit verwys na die elemente wat in die erediens plaasvind. In 'n vorige artikel is "diens" as eenvoudigste betekenis daarvan beklemtoon. Met ander woorde, deur die liturgie word die Here gedien.**

Reeds voor die sondeval het Adam en Eva liturgie beoefen toe hulle God in die tuin van Eden gedien het. Dit was spontane en sondelose diens wat hulle in God se teenwoordigheid beoefen het. Die sondeval het egter hierdie heilige liturgiese optrede verskeur. Die mens het sy vermoë om God op enige plek en tydstip spontaan te aanbid en te dien, verloor. Hy het nie meer geweet hoe om dit te doen nie. Daarom moes God hom van voor af leer hoe om liturgie te beoefen.

In Hebreeus word die begrip "diens" met twee woorde omskryf: *sharat* en *abad*. Die Afrikaanse woord "liturgie" word in Hebreeus weergegee met *sharat*. Die woord *sharat* word in die eerste instansie gebruik om diens teenoor 'n belangrike persoon aan te dui, byvoorbeeld die diens van 'n dienaar teenoor sy meester: Josef teenoor Pótifar (vgl. Gén. 39:4), Josua teenoor Moses (vgl. Ex. 24:13) en Elísa teenoor Elía (vgl. 1 Kon. 19:21). Binne hierdie konteks dra liturgie die betekenis van persoonlike diens aan 'n belangrike persoon of heerser. Só gesien, is die lidmaat die mindere persoon wat God as belangrikste Persoon en Heerser dien.

Tweedens word die woord *sharat* in die Ou Testament gebruik as verwysing na liturgiese handelinge. In hierdie gevalle is dit 'n verwysing na die diens wat die priesters en die Leviete in en om die tabernakel en later die tempel, verrig het.

> **Die tabernakel en tempel was vir die Ou Testamentiese gelowiges die hoogtepunt van hul gemeenskap met God, want daar was God sigbaar teenwoordig in die wolkkolom bo die ark, wat in die Allerheiligste gestaan het (vgl. Lev. 16:2; Ex. 40:34; 2 Kron. 7:2-3).**

Om hierdie rede het ware gelowiges begeer om na die heiligdom op te gaan en die Here daar te ontmoet. Tydens hierdie ontmoetings betree die gelowiges dan die erediens. Elke individu neem persoonlik deel, maar terselfdertyd is dit ook iets gemeenskaplik omdat gelowiges deur die eenheid van die ware geloof saamgebind word.

Die Sinaigebeure (vgl. Ex. 24:1-8) beskryf die ontmoeting tussen God en die Israeliete. Hierdie ontmoeting bestaan uit vyf basiese elemente wat vir ons 'n belangrike aanduiding is van die ontmoeting tussen God en sy volk:

- Die byeenkoms is deur God saamgeroep. Waar die volk God ontmoet, daar ontstaan 'n vergadering met God.
- Daar was 'n ordelike struktuur waar elke leier en individu hul rol en verantwoordelikheid geken het. Elkeen is by die samekoms betrokke en deelname word daarmee as 'n fundamentele aspek van die erediens aangedui.
- Die proklamering van God se woord staan sentraal. Dit is dus duidelik dat die ontmoeting nie kan plaasvind sonder dat die volk God hoor praat nie.
- Die volk reageer deur gehoorsaamheid daaraan. 'n Essensiële aspek van die Joodse erediens is daarom die voortdurende hernuwing van persoonlike toewyding aan God.

- ’n Vyfde element waardeur die gebeure met die samekoms verseël word, is die offerdiens.

**In die tabernakel en tempel het die aksent op die offers geval, maar die woord van die HERE het steeds ’n belangrike rol gespeel.**

Later sou die verskillende feeste wat in die tempel gesentreer het, nóg ’n belangrike manier word waarop die volk in ’n ontmoeting met God tree. Gedurende hierdie feeste is die onderwysing van God voorgehou. Dit was veral by die Huttefees waar daar duidelik uit die wet voorgelees is.

Die Ou Testament vestig die beginsel dat formele liturgie in die erediens beoefen word. Dit is waar God ontmoet en gedien word. Hy spreek daar tot sy volk, terwyl hulle gehoorsaam daarop antwoord en reageer.

1. Leraar van die AP Kerk Marble Hall.

«Vervolg vanaf bl. 21

## Priesterlike “bewerking” in Eden: Erediens!

moet gebeur nie. Dít wat op die Dag van die Here gebeur, vorm wel die grondslag van ons lewe.

Hierdie tempel (kerk, gemeente) waarvan ons deel is, bring ons tot die besef dat ons nie die diens ter wille van onsself verrig nie. Ons bestaan ook nie ter wille van onsself nie. Ons bestaan is uit God en op Hom gerig sodat sy doel met die aarde en die mensdom bereik kan word. Daarom dien ons. Ons doen die priesterlike werk om God te verheerlik sodat die tuin en tempel gevul sal word met rein, heilige en aan God welgevallige offers (vgl. Rom. 12:1-2).

«Vervolg vanaf bl. 23

## Jaag die Bose uit

kan ons, deur die vrug van die Gees, God se eienskappe uitdra. Strome van lewende water kan deur ons vloei om ander se dors te les. Die Heilige Gees maak van ons getroue getuies van die evangelieboodskap.

Dalk wonder jy of jy die Heilige Gees het? Wees verseker: Hý bewerk geloof in jou hart en jy kan slegs bely dat jy ’n kind van God is as die Heilige Gees in jou hart is. Daarom kan jy seker wees dat, as jy jou waarlik van die sonde bekeer het, jy die Heilige Gees het. Jy kan in sý krag die mandaat om te bewaak, uitvoer. As jy die Bybel bestudeer en in gebed volhard, sal jy deur die teenwoordigheid van die Gees in geloof groei en die Bose verdryf.

«Vervolg vanaf bl. 25

## Gaan dan heen, vermeerder en vul die aarde met beelddraers van God

geleentheid om met hulle oor die evangelie te gesels.

3 Werk en beplan saam met die ouderlingraad aan ’n georganiseerde sending- of evangelisasieaksie. Die kerk kan byvoorbeeld finansieel betrokke raak by Geopende Deure of INcontext Ministries om sodoende hul sendingtaak te volbring. Sendelinge en hul sendingwerk kan op die voorbiddinglyste geplaas word om hulle doelgerig aan die Here op te dra.

4 Werk saam met die diakonie om deur die diens van barmhartigheid, die gebrokenes God se versorging en teenwoordigheid te laat smaak.

As die liggaam van Jesus Christus, moet die kerk aktief met die Here besig wees. Bly biddend en bly werkend. Wandel in die liefde en teenwoordigheid van die Here sodat dit as getuienis in die wêreld kan dien. Wees elke dag bewus en deurdrenk van die Goddelike opdrag: Gaan dan heen, vermeerder en vul die aarde met beelddraers van God.

**AP KERK BRAKRIVIER**

## Kieries kry koers gholfbaan toe!

Op Woensdag 6 Maart het 22 senior lidmate, ook bekend as die "Kieries", die pad gevat na een van Mosselbaai se bekendste gholfoorde.

In die ruim eetsaal het 'n netjies gedekte ontbyttafel gewag. Al wat die seniors moes doen, was aansit en 'n ontbyt bestel. Maar dit was só mooi daar dat hulle letterlik op die balkon vasgenael bly staan het om die blou van die see en die majesteit van die groen omgewing in te drink. Die gholf was skoon vergete.

Ná 'n baie gesellige oggend om die tafel, was dit al weer middag en kon hulle nog net 'n draai deur die pragtige mosaïektonnel loop voordat die eie tuiste hulle teruggeroep het. Aan God al die eer vir hierdie voorregte uit sy hand ontvang.

Janine du Plessis



*Kieries*



*'n Gedeelte van die mosaïektonnel*


## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.


Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** APRIL 2024, BL. 7



AP KERK MAGALIESBURG

## Ringsitting


Ring van Roodepoort

Ringsitting van die Ring van Roodepoort gehou op 16 Maart by die AP Kerk Magaliesburg.

Op die foto verskyn voor van links na regs: Oudl. Roy Roberts (Carltonville), di. Hansie Janse van Vuuren (Roodepoort, ringskriba), Wimpi Burger (Krugersdorp, ringsvoorsitter), Carl Vermaak (Cullinan-Rayton) en oudl. Tom Visser (Carltonville). Agter van links na regs: Oudle. Sampie Lombard (Roodepoort), Jannie Theunissen (Roodepoort), Louis Naudé (Randfontein), Bokkie Maree (Johannesburg), Jan Vermaak (Magaliesburg), Stolla Mienie (Johannesburg), Martiens Parau (Randfontein).

Ria Vermaak

AP KERK WATERBERG

## Ds. Erasmus aanvaar die beroep na Frankfort


Die Erasmus-gesin

Ons lees in Prediker 3:1 dat alles sy bepaalde uur het; ook 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. In Jesaja 6:8 sê die HERE vir Jesaja (ds. Erasmus): *Wie sal Ek stuur?* (na Frankfort). En Jesaja (ds. Erasmus) antwoord: *Hier is ek, stuur my* (na Frankfort). (Eie invoegings tussen hakies.)

Ds. Erasmus en gesin, mag die Here u verblyf in Frankfort ryklik seën en mag u daar ook 'n vrugbare diens vir die Here lewer. U het baie goeie werk hier gedoen en dit is waarom die Here u goed genoeg geag het vir die werk op Frankfort.

Suster Elanie en kinders, die Here het nie net 'n kalm see geskep nie, maar ook stormwinde en orkane. Onthou, die deure van die AP Kerk Waterberg sal altyd vir julle oopstaan. Ons sal saam met julle lag en huil.

Mag die Here u seën en bewaar.

Namens die lidmate van die AP Kerk Waterberg
Stoffel Visser

AP KERK NELSPRUIT

## Ontmoet ons roosknoppie


Het julle geweet dat ooievaars ook roosknoppies aflewer? Hier op Nelspruit het ons die allerfraaiste enetjie ontvang! Dit was ’n wonderlike voorreg om teenwoordig te wees met die doop van klein Johanike op 3 Desember 2023. Trots en dankbaar het haar ouers, Gerhard en Karlien Lourens, voor die kansel gestaan om die doopbelofte aan te hoor en in opregtheid daarop te antwoord. Die gemeente het met warm harte toegekyk toe ds. Louis Kirstein haar aan die gemeente voorgestel het. Johanike is in dieselfde dooprok gedoop as ma Karlien. Onder die gaste was beide pare grootouers.


Ds. Louis, Karlien en Gerhard met Johanike

## Ontmoet ons roosboom

Oom Boet en tannie Tienie Bosch het op 18 Maart 1994 lidmate van ons gemeente geword. Oom Boet was betrokke by die bou van die kerk en die pastorie. Tannie Tienie het kwartaalliks by die pastorie inspeksie gedoen om te sien of daar iets van node is en dan terugvoer aan die kerkraad gegee. Sy was ’n groot staatmaker by fondswerwingsprojekte, veral by Innibos Kunstefees. Oom Boet het sy plek volgestaan met die verwerking van groente en dan veelbetekenend gesing: “Please, release me”. Arme oom Boet! Hierdie twee mense was bekend vir hul betrokkenheid by die kerk en hul humorsin.

Oom Boet het tannie Tienie ontval, maar sy was steeds aktief. Op 93 het sy steeds self haar tuin versorg en op haar hurke gesit en werk! Sien julle haar ook as die roosboom wat aanhou blom? Die gemeente het ’n afskeidsgeleentheid vir haar gereël toe sy na Hermanus verhuis het. Ons gun dit vir haar om by haar kinders te kan wees. Ons verstaan sy stap die strande stukkend!


Tannie Tienie Bosch

Miemie van Niekerk




Prys: R100 Perfek vir lesers 13 en ouer

Ook beskikbaar op amazon kindle

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

Ernst Veldenaar en Elizabeth van Linschoten se verhaal begin toe ’n vrou, ter wille van haar Protestantse geloof, in die stad Rotterdam tot die dood veroordeel word. Haar enigste misdaad was dat sy volgens haar gewete en die Woord van God, Jesus Christus as haar enigste Middelaar en Saligmaker gekies het.

Die vervolging van die Roomse Kerk het altyd erger, altyd feller geword. Niemand was seker van sy lewe nie. Op grond van die geringste agterdog is mense gevang, in die tronk gegooi en gruwelik gepynig. Dié wat nie hul Protestantse geloof wou opoffer nie, is veroordeel om verdrink of lewend verbrand te word. ’n Uitgeskeurde Bybelblad, uit die eerste sendbrief van die apostel Johannes, sou op ’n wonderbaarlike wyse ’n groot rol in Ernst en Elizabeth se lewens speel.

www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS

**AP KERK BRAKRIVIER**

## Ons vier ons 31ste bestaansjaar!

Die gemeente-ete was eers net 'n gedagte. Ons wou 'n nagmaalete reël, maar die gedagte aan al die werk op die rusdag van die Here, het ons afgeskrik. Omdat ons gemeente in Februarie 1993 gestig is, het die susters ewe vindingryk 'n verjaarsdagviering vir Saterdag 24 Februarie gereël. Daar is deeglik en groot beplan. Uiteindelik was daar 35 wat aangesit het en 13 wegneemetes.



Gemeente-ete

'n Mens kan seker vra waarom word 'n onbenullige getal soos 31 binne 'n gemeente gevier? Hoofsaaklik uit suiwer dankbaarheid dat ons nóg 'n jaar tot die kerk se geskiedenis kon toevoeg. Hoeveel het ons nie die afgelope 31 jaar uit die Vaderhand ontvang nie?

Eerlik gesê, die toekoms beklem ons. In 'n onseker verkiesingsjaar dink ons aan watter planne die duiwel reeds beraam om ons ons moedertaal en dus ook die Bybel, te ontneem. Ons dink aan 'n regering wat hom skaamteloos aan die kant van die terroris skaar en hom met die ideale van diktators vereenselwig. Ons beleef rondom ons hoe duisende voor die krag van dwaalleer swig.

Daarom vier ons fees. God gee ons nog in hierdie land die geleentheid om ongehinderd sy Woord te verkondig en te hoor. Ten spyte van … Hy stuur aan ons nuwe lidmate wat hier kom aftree en nuwe idees saambring. Ons verwelkom en waardeer ons besoekers. Hy skenk aan ons manne wat op die kerkraad kan en wil dien. Ons verbondsonderrig is klein, maar springlewendig. Laat ons ons hele lewe aanpak met ons oog gerig op Hom. En mag ons nageslag in hierdie spoor verder loop.

Sustersaksie

**AP KERK HLUHLUWE**

## Spesiale doopgeleentheid

Hierdie is die heel eerste doopgeleentheid van die AP Kerk Hluhluwe se Sodwanabaai-wyk.



Ds. Adriaan, klein Joané, LJ en Melanie

Op 17 Maart het ds. Adriaan Bester die doop aan Joané, dogter van LJ en Melanie de Jager, bedien. Wat hierdie geleentheid nog verder besonders gemaak het, is dat die ouers ook as nuwe lidmate in die gemeente verwelkom is.

Ons wens hulle alle geluk en voorspoed toe.

Gerrie de Wet

**AP KERK POTCHEFSTROOM**

## Nuusgebeure

Ons gebruiklike **Proe-aand** vind gewoonlik in die lente plaas. 'n Gereg, genoeg vir 30 lidmate om met 'n teelepel te kan proe, word ingeskryf. Dit is verbasend hoe teelepelskeppies 'n bord propvol maak!

Novembermaand is 'n heerlike, besige maand wat betref gemeentelike aangeleenthede. Op 5 November 2023 het ons koor, begelei deur Riaan Mulder, gedurende die **Kerssangdiens** opgetree. Die susters se **jaarafsluiting** het op 11 November rondom heerlike eetgoedjies plaasgevind. Dankie aan ons voorsitter, Trudie Botha, die wyksleidsters en ander susters. Julle is 'n wenspan! Op 12 November was dit tyd vir die **bejaarde-ete**. Die 65-plussers is bederf met 'n heerlike driegangmaaltyd én verversings vir die keel. Dankie aan die familie wat hierdie liefdesdaad onderneem. Op 19 November lê ons eie drieling **belydenis van geloof** af. Ds. Johan Gericke het die diens waargeneem.

Die nuwe jaar het ook sy eie lekkerte. Op Saterdag 16 Maart 2024 het ons **minibasaar** gehou. Van lekker pannekoek, koek, die teetuin se heerlike koffie en eetgoedjies tot by die potjiekoskompetisie was dit weereens 'n heerlike samekoms.

**Kerkraadslede** van 2023 staan steeds hul ampte vol om die gemeente in 2024 diensbaar te wees.

Hier op Potchefstroom is ons 'n hegte familie wat die Here graag dien.

Rina Malan




*Kerssangdiens*



*Bejaarde-ete*



*Susters se jaarafsluiting*


Ook beskikbaar op amazonkindle

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

**Prys: 190**

Ná sy opstanding het die opgestane Here Jesus Christus veertig dae gebruik om sy dissipels oor die dinge van die koninkryk te leer (vgl. Hand. 1:3). Hy het hulle verstand geopen om te verstaan dat die Skrifte in Hom vervul is (vgl. Lk. 24:44-45). Die bepalings van die Ou Testamentiese sabbat is in Christus se verlossingswerk volbring. Sonder begrip hiervan kan ons een van twee foute begaan: óf ons word Sabbatariërs, óf ons verontagsaam die vierde gebod. Christus se vervulling van die Tien Gebooie beteken nie dat Hy dit kom afskaf het nie. As deel van die wet is die vierde gebod daarom nog van krag. Deur sy sondelose gehoorsaamheid het Hy die inhoud daarvan verwerklik. Die eerste Adam het gruwelik misluk; die tweede Adam het die nuwe verbond oorwinnend ingestel. Die oue is verby; die nuwe het aangebreek. Hierdie boek beskou die vierde gebod (die sabbatsgebod) vanuit die hoek dat die Tien Gebooie steeds op die kerk van toepassing is, maar vestig die aandag op die middelaarskap van Christus.

**www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za**

Lig in Duisternis
UITGEWERS

AP KERK MARBLE HALL

## Oudste orrelis

Die AP Kerk Marble Hall kan met trots sê dat ons seker die oudste orrelis in die land het. Tannie Dirksie Bezuidenhoudt (81) begelei die gemeente Sondag ná Sondag op die orrel. Sy is vir die afgelope 10 jaar voltyds orrelis by ons.

Ons wil graag weet of daar ander AP kerke is wat ons kan meedoen met so 'n eer?

**Lezelle Nel**



*Tannie Dirksie Bezuidenhoudt*

AP KERK MIDDELBURG

## Mosterdsade

Die Mosterdsade geniet die kuier by Kwenja terdeë. Ons het nou net klaar ontbyt geëet en nou word daar gekuier en gesels.

Dankie aan Jan en Anita Venter wat dit vir ons moontlik gemaak het.

**Sade-groete**



*Mosterdsade*

AP KERK DELMAS


## Bevestiging van kerkraad en doop van twee lidmate

Op Sondag 17 Maart is die volgende kerkraadslede bevestig: Markus Pretorius en Lambert Blom as ouderlinge; Fouché en Nico Roodt as diakens.


Ds. Greyling van Rooyen het die doop aan Nicolaas en Jasper Roodt bedien.

Seën word hulle toegebid.


**Annatjie Bothma**



*Kerkraad*



*Nicolaas Roodt*



*Jasper Roodt*



# Twee neefs, 'n verkiesing en die Rivonia-verhoor – Dr. Pieter Mulder

**In 1963 is twee neefs van die Transkei in die Oos-Kaap om verskillende redes in die nuus: Kaizer Matanzima word ná 'n verkiesing die eerste Hoofminister van die Transkei, een van die tuislande wat deur dr. Verwoerd as deel van die Nasionale Party se beleid van afsonderlike ontwikkeling geskep is.[1] Nelson Mandela, Matanzima se neef, word aan hoogverraad skuldig bevind, tot lewenslange tronkstraf gevonnis en na Robbeneiland gestuur.**

Die twee neefs was albei lede van die koninklike Temboe-familie, amper ewe oud en het in dieselfde omgewing grootgeword. Van kleins af word hulle voorberei om as leiers en hoofmanne in hul gemeenskappe op te tree. Wat meisies betref, het Matanzima sy oog op 'n 20-jarige Transkeise meisie, Nomzamo Winifred Madikizela, bekend as Winnie. Omdat sy na Johannesburg verhuis het, het hy agter haar aangegaan om haar daar finaal die jawoord te vra. In Johannesburg gaan hy tuis by sy neef, wat ook hierheen verhuis het. Sonder dat Matanzima daarvan bewus was, knoop Winnie intussen 'n verhouding met Mandela aan en toe sy moet kies, kies sy hom. Die vriendskap tussen die twee neefs was egter van so 'n aard dat Matanzima op Mandela en Madikizela se troudag een van die strooijonkers was.

As deel van die NP-regering se beleid dat swartmense hulleself moet regeer, word die Wet op Bantoe-owerhede in 1951 aanvaar.[2] Die doel met die wet was om swartes geleidelik tot selfregering te lei. Die wet het egter tot ernstige debat in swart geledere gelei. Matanzima het gevoel die wet gee erkenning aan bestaande strukture en gaan tot selfregering lei. Mandela het alle samewerking met die wit regering verwerp. Hy het spesiaal van Johannesburg na die Transkei gery om sy neef te oortuig om die wet te verwerp. Hulle gesprek het die hele nag geduur. Teen sonopkoms het hulle besef dat hulle mekaar nie gaan oortuig nie. Oor familiesake het hulle vriende gebly, maar polities was hulle nou in verskillende kampe.[3]

In 1961 bereik Matanzima 'n ooreenkoms met dr. Verwoerd dat 'n verkiesing in die Transkei gehou sal word om 'n wetgewende vergadering vir selfregering saam te stel. Die wet het verder voorsiening gemaak vir eie nasionale simbole soos 'n Transkeise vlag en volkslied, asook die reg om oor talle sake eie wette te maak.

In dieselfde tyd besluit Mandela en die ANC op geweld as oplossing. Op 16 Desember 1961 word 'n ondergrondse "weermag" genaamd uMkhonto we Sizwe (MK), of "Spies van die Nasie", onder Mandela se leiding gestig. In die eerste 18 maande ná die stigting van MK, het daar 221 terreurdade[4]



Kaizer Matanzima

orals in Suid-Afrika plaasgevind.[5] Volgens die meeste huidige skoolhandboeke het Mandela tronkstraf gekry slegs omdat hy polities van die regering verskil het.[6] As dit waar was, moes biskop Desmond Tutu en dr. Mangosuthu

1. D.S. Prinsloo, *Transkei: Birth of a state* (1976), 7.
2. Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951).
3. Nelson Mandela, *Long Walk to Freedom* (1955), 215-216.
4. Volgens die Rivonia-klagstaat is dit die hoeveelheid terreurdade sedert die stigting van MK op 16 Desember 1961 tot met die aanvang van die Rivonia-verhoor in Julie 1963.
5. Willie Spies, "JZ laat spies en 'spaai' herleef," in *Beeld* (5 Januarie 2024), 8.
6. Lees in: P. Ranby en B. Johannesson, *Platinum Sosiale Wetenskappe: Graad 4*, 102: "Hy [Mandela] was bereid om op te staan vir wat hy geglo het reg was. Hulle [die apartheidsregering] het nie daarvan gehou nie. Hulle het hom en sewe van sy vriende gearresteer. Die regter het gesê hulle moet die res van hulle lewens in die tronk bly." Dit is natuurlik 'n totale oorvereenvoudiging van wat gebeur het.

Vervolg op bl. 36 ››



# Kerkmense

**Pieta Oosthuizen**

**"Pappa, is oom Jan-hulle kerkmense?" wil my studentedogter op 'n dag aan tafel weet. Wat is 'n "kerkmens"? wonder ek toe self. Is dit iemand wat gereeld kerk toe gaan? Is dit lidmate wat Woensdagaande se Bybelstudie getrou bywoon? Moet 'n mens op die kerkraad dien of vir die kerkbasaar kollekteer om 'n "kerkmens" te wees? Hoe definieer 'n mens die begrip "kerkmens"?**

Ek het nie dadelik 'n antwoord op die vraag nie, maar hoe meer ek daaroor dink, hoe meer kom ek tot die besef dat daar in ons gemeente, ons kerkverband, ons maatskappy, dorp, distrik, provinsie en land 'n groot tekort aan kerkmense is. As daar genoeg kerkmense was, sou die wêreld mos 'n baie beter plek gewees het. Matthéüs 5:16 is baie duidelik daaroor:

*Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

'n Kerkmens is dus in die eerste plek iemand wie se lig skyn en nie iemand wat die lig in ander se lewens uitdoof nie. Die persoon wat in die padwoedevoorval sy medemens uitskel, kan tog sekerlik nie 'n kerkmens wees nie? Wat van die jongman wat 'n ander jongman aanrand en vir dood agterlaat, net omdat hy kwansuis té vriendelik met sy meisie by die partytjie was? Kerkmense tree mos nie só teenoor 'n medemens, ook beelddraer van God, op nie?

Hierdie is dalk ekstreme gevalle van hoe kerkmense nie moet wees of optree nie. Dit behoort nie net vir my studentedogter duidelik te wees nie, maar ook vir elke laerskoolkind. Dit laat my ook dadelik wonder oor die man wat aan sy vrou slaan, die vrou wat haar man emosioneel afkraak en die kinders wat hul ouers se gesag uitdaag met die vloermoere wat so deel van die moderne generasie geword het. *Kinders julle moet julle ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg*, lees ek in Efésiërs 6:1. En dit laat my besef dat 'n kerkmens ook iemand is wat na God se wil soek en aan Hom gehoorsaam is, ooreenkomstig sy Woord.

En wat van die twee jongmense wat sommer so maklik saambly in stede daarvan om te trou? Is húlle kerkmense? Die ergste van alles is die pa en ma wat hulleself as kerkmense beskou en met die een ná die ander verskoning dié saamblyery probeer goedpraat. Dit bring my by die vraag: Is alle kerkmense Christene en is alle Christene kerkmense? Ek vra die vraag, want baie sogenaamde kerkmense se doen en late is deesdae só verwarrend en teenstrydig met die Woord van God dat 'n mens begin wonder of hulle die Here Jesus werklik ken? Hierdie sogenaamde kerkmense se optrede is baie meer in lyn met "aanvaarbare" Christelike praktyk as met die Bybel.

**En hoe lyk aanvaarbare Christelike praktyk? Deesdae het ons mos almal keuses. Ek besluit self óf ek Sondag kerk toe wil gaan. Ek doen ook maar my inkopies op 'n Sondag, want daar is werklik net nie in die week tyd daarvoor nie. Ek beskinder my kind se juffrou, skree op die skeidsregter, drink soos 'n vis en vloek soos 'n matroos. Maar ek beskou myself as 'n kerkmens!**

Hoe lui die ou bekende spreekwoord: Van nuuskierigheid is die tronk vol en die kerk leeg. Hierin steek dalk baie meer waarheid as wat ons besef. Dis dalk omdat kerkmense nie meer kerk toe gaan nie, dat ons nie meer weet wat 'n kerkmens is en hoe 'n kerkmens behoort op te tree nie. Die kerke loop leeg en die wêreld het niemand om na op te kyk wat Christus se beeld uitdra en sy lig laat skyn nie.

Miskien lê die antwoord op my dogter se vraag hierin: Ons moet meer probeer om kerk vir Christus en vir mekaar te wees en minder probeer om "kerkmens" te definieer.

Wat ek wel weet, is dat alle Christene ook kerkmense moet wees. Mense wat in alles God se eer soek en Hom in alles probeer gehoorsaam wees. Kerkmense is egter nie volmaak nie en ook maar net sondaars, vir wie Christus reeds aan die kruis met sy bloed betaal het. Dit is dus nou belangriker om oorwinnaars in Christus te wees, Hom in alles dankbaar te wees en juis daarom te probeer optree soos wat van 'n kerkmens verwag word.

Liewe Pa en Ma, voorbeelde praat so hard dat woorde soms glad nie nodig is nie.

- Wees navolgenswaardige kerkmens wat ander laat sien, laat leer, laat nadoen.
- Wees diensbare kerkmens wat medemense eerste stel: *Moenie iets doen uit selfsug of ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself* (Filip. 2:3).
- Wees getroue kerkmens wat Sondae kerk toe gaan.

---

«Vervolg vanaf bl. 34

## Twee Neefs, 'n verkiesing en die Rivonia-verhoor

Buthelezi daardie tyd ook tronk toe gegaan het. Hulle het deurlopend baie skerp kritiek teen die regering gehad.

In 1963 kry die polisie, op 'n plaas buite Rivonia, meer as 'n honderd kaarte van plekke wat MK beplan om te vernietig. Die Mayibuye-dokument is ook gevind[7] waarin beskryf word hoe MK-leiers 210 000 handgranate, 48 000 landmyne en tonne springstof aan MK-soldate vir die gewapende stryd sou verskaf. Terwyl Matanzima regmaak vir die eerste demokratiese verkiesing in die Transkei,[8] verskyn sy neef en nege ander in die hof in Pretoria op aanklagte van hoogverraad.

Percy Yutar, die staatsaanklaer, verwys in sy slotbetoog[9] daarna dat in die hof aangetoon is dat slegs 1% van die swart bevolking die ANC steun.[10] In teenstelling met hierdie 1%, het 630 000 kiesers in die Transkei vir die verkiesing geregistreer. Dit was meer as 90% van die kiesers wat geregtig was om te kan stem. Buite die Transkei, in gebiede soos Kaapstad, Port Elizabeth en Johannesburg, het nog 250 000 geregistreer. Uiteindelik het 68% van die kiesers gestem en is 601 204 stemme uitgebring.[11] In die Wetgewende Vergadering wat hierna saamgestel is, is Matanzima tot Hoofminister verkies.

Winnie Mandela se pa, Columbus K Madikizela, het ook aan die Transkei-verkiesing deelgeneem en is tot 'n minister in Matanzima se kabinet verkies. Hy het selfs dr. Verwoerd se begrafnis in 1966 as 'n Transkeise minister bygewoon.[12] Optredes soos hierdie, asook die groot deelname aan die Transkei-verkiesing, weerlê die ANC-weergawe dat alle swartmense destyds die Nasionale Party se beleid verwerp het. Swart leiers soos Matanzima het die Afrikaners vertrou en het verkies om saam met hulle aan 'n vreedsame oplossing te werk. Nadat die ANC in 1994 oorgeneem het, is hierdie swart leiers as uitverkopers deur die ANC gebrandmerk.

Geskiedskrywers sal Afrikanerleiers eendag moet beoordeel as antwoord waarom Nelson Mandela se geweldsmanier in 1994 gewen het en nie Kaizer Matanzima se onderhandelingsmanier nie.

---

7. J.C. Steyn, *Sonkyker: Afrikaner in die verkeerde eeu* (2008), 178.
8. https://bit.ly/3xl6LG4
9. Die eerste demokratiese verkiesing in die Transkei het 20 November 1963 plaasgevind. Hoewel dit beperk was tot die Transkei, verskil dit van die huidige ANC-propaganda dat swartmense vir die eerste keer in 1994 kon stem. Soortgelyke verkiesings is ook in al die ander tuislande gehou.
10. *Sunday Times* (21 January 1996).
11. Barbara Norman-Smith, *The Republic of Transkei* (1976), 212.
12. Allister Sparks, "The Improbable affair of Winnie Mandela," in *The Observer* (19 May 1985), 17.

# Die Boekwinkel

LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za

*Pryse onderhewig aan verandering.*

## ApPelKie die muis is weer op reis met 'n tweede boek!






**R195 elk**

**Die avonture van ApPelKie die muis** poog om die goue draad van God se genade deur die Bybelse geskiedenis na te speur. Hierdie boekie wil kinders (en sommer ook hulle ouers en grootouers) help om daardie goue draad getrou deur die boeke Exodus, Levítikus, Númeri en Deuteronómium te volg. Mag elkeen wat hierdie verhale lees en hoor, geestelik verryk word, maar die belangrikste van alles: Mag God se Naam groot gemaak word wanneer elkeen besef dat die goue draad van God se genade, ononderbroke vanuit die Bybelse geskiedenis tot in ons eie lewens loop.

**Beskikbaar op Amazon (*Kindle* en *POD*) veral vir mense wat in die buiteland woon**

## DIE VOLLEDIGE BUITER-REEKS IS NOU BESKIKBAAR!






















In 1953 verskyn *Die Buiter* vir die eerste keer en teen 1961 word die reeks voltooi met *Die Buiter seëvier.*

**Kom deel weer in die opwinding van hierdie treffer reeks!**

Ook beskikbaar op amazonkindle

T: 012 362 1390 / boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS


Ons het jou hulp nodig om ons gemeenskappe te bemagtig.
Gesonde gesinne skep gesonde gemeenskappe.
Saam maak ons 'n verskil!
~ René Roux ~
Bestuurshoof: Media
Besoek www.ondersteunons.co.za
SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

JEUG BOODSKAPPER
No. 182 • Mei 2024
(012) 362 1390
boodskapper@apk.co.za



ANDRIES KRUGER



# HOE KAN EK VIR ANDER TOT SEËN WEES?

Is daar iemand wat nie van geskenke hou nie? Beslis nie! Ons almal hou mos daarvan om iets te kry wat ons harte bly maak. Maar het jy geweet dat om te gee, baie groter vreugde bring as om te ontvang? Boonop is daar geen groter vreugde as om die vreugde wat ons in ons eie harte het, ook in ander se oë te kan sien nie. Ons hoef ook nooit bang te wees dat ons vreugde gaan opraak nie, want die Bybel leer ons om ons vreugde in God te soek en God se vreugde kan nooit opraak nie.

Hierdie vreugde wat ons by God kry, kan ons met ander deel omdat ons dit oorvloedig en uit genade, dit beteken "verniet", ontvang het. 'n Hart wat borrel van die vreugde wat God 'n mens gee, deel daardie vreugde ook sommer vanself met almal rondom hom.

Die Bybel sê dat ons mekaar moet liefhê soos wat Jesus ons liefgehad het (vgl. Joh. 13:34). Ons kan nie eers behoorlik verstaan hoe lief die Here ons het nie. Om hierdie liefde te probeer verstaan, is so goed soos om vir 'n piepklein miertjie te gaan vra of hy vir jou die antwoord op 'n baie moeilike wiskundesom kan gee. Die kleine miertjie verstaan dit glad nie. Hy weet nie eers dat jy besig is om met hom te praat nie. Net so onverstaanbaar groot is God se liefde vir ons.


Al kan ons God se liefde vir ons nie heeltemal verstaan nie, raak ons elke dag meer en meer bewus van hoe lief Hy ons het. Dit is genade wanneer ons dit begin ervaar. Die Here se genade is soos 'n fontein met heerlike, yskoue water waarvan jy nie genoeg kan kry nie. Jy wil net aanhou en aanhou daarvan drink. Jy wil vir almal daarvan vertel en jy wil graag hê almal moet daarvan drink. Hoe meer mense daarvan drink, hoe blyer raak jy, want jy weet ander mense deel in jou vreugde.

Dis presies hoe ons ook vir ander mense tot seën kan wees. Ons hoef nie na spesifieke dinge en maniere te soek om so te kan wees nie. Ons moet net dit wat ons by God ontvang het en die blydskap wat ons voel, met ander deel. Wanneer ons so leef, gaan dit vir ons maklik wees om iemand wat sukkel te help, of om met skoolmaatjies wie se kosblikke nie eintlik kos in het nie, ons kosblikke se lekker eetgoed te deel.

Waarom doen ons dan sulke dinge wat vir ander mense tot seën is? Omdat God se liefde, wat ons nie mooi kan verstaan nie, ons laat besef dat dit amper dieselfde is as wat Hy vir ons elkeen gedoen het. Sy geskenk was net baie groter en baie meer!

Die Here Jesus het sy lewe gegee sodat ons vir altyd kan lewe. Dit is 'n onverstaanbare groot geskenk! Die bietjie wat ons wel hiervan verstaan, maak dat ons dit ook met ander mense wil deel.

# Die verstandige man (Mt. 7:24-29)



*Boustene van die Koninkryk: Graad 2. Illustrasie deur Ester van Deventer.*

# JOU GROOTSTE WENS

Wat moet ons grootste wens wees? Asaf, die skrywer van Psalm 80, sê: Dat jou verhouding met die Here weer herstel word en dat jy die Here elke dag beter sal leer ken. Vra Hom om jou hiermee te help. Gebruik al jou tyd en energie hiervoor en bid gedurig dat die Here jou daarin sal lei.

*Opgestel deur Daleen Pienaar*

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | E | R | B | R | A | N | D | B | E | N | J | A | M | I | N | O |
| A | A | N | S | K | O | U | G | O | K | A | A | L | P | L | U | K |
| M | T | R | A | N | E | B | R | O | O | D | V | E | R | L | O | S |
| A | S | L | H | D | K | O | M | A | J | O | S | E | F | D | O | E |
| N | K | T | E | E | E | R | U | G | N | A | A | L | N | R | O | D |
| A | A | S | R | E | R | K | O | U | U | K | I | E | T | I | R | E |
| S | D | D | S | I | R | D | W | O | R | T | E | L | S | N | D | R |
| S | U | E | T | S | A | S | E | I | H | E | M | I | V | K | E | S |
| E | W | E | E | L | K | F | K | R | L | E | N | E | G | U | K | E |
| E | E | A | L | G | O | A | G | A | P | D | H | S | E | I | U | E |
| G | E | R | U | B | S | N | P | E | R | N | E | E | F | R | D | R |
| D | I | G | E | W | I | I | L | E | K | E | A | V | R | N | R | N |
| M | G | E | I | G | G | E | B | E | D | A | R | S | A | E | D | A |
| U | B | S | I | P | A | A | N | R | O | E | P | Y | I | R | T | F |
| R | U | E | O | R | T | S | T | R | Y | D | V | V | M | E | K | W |
| E | R | A | S | A | F | E | G | E | S | K | I | E | T | K | S | Y |
| D | E | I | G | E | P | L | A | N | T | R | B | E | R | G | E | K |

Software ©crossword-compiler.com

Aanroep • Aanskou • Afgekap • Afwyk • Asaf • Benjamin • Berge • Bure
Dreiging • Drink • Efraim • Egipte • Gebed • Geplant • Gerubs • Geskiet
Herder • Herstel • Israel • Josef • Kaalpluk • Leerskare • Lelies • Manasse
Mure • Nasies • Oordek • Ranke • Rivier • Seders • Sakduwee • Skape
Stryd • Tranebrood • Verbrand • Verlos • Vuur • Vyand • Wildevark • Wortels




## DIE PREEK OP DIE BERG (MT. 5-7 EN LK. 6)

Dit was donker en stil in die nag. Die Here Jesus het na die top van 'n berg geklim om daar alleen te bid. Heelnag het Hy met sy Vader in die hemel gepraat. Toe dit weer lig was, het Hy na sy dissipels gegaan.

Van ver af het sy dissipels gesien hoe mense wat graag by Jesus wou wees, aangeloop kom. Daar was baie mense. Toe die mense by Hom kom, het Jesus 'n plek gaan soek om te sit. Die mense het ook vir hulself elkeen 'n plekkie gekry waar hulle Hom mooi kon hoor. Selfs die dissipels het hul ore gespits. Wat sou die Here hulle vandag leer?

"As julle in My glo," het Jesus gesê, "sal julle net soos 'n lamp wees. Jy steek mos nie 'n lamp aan en sit dit onder die emmer nie. Dan gaan dit mos nie lig maak nie. Nee! Jy steek die lamp aan en sit dit dan op 'n plek waar dit vir almal lig kan maak. As julle in My glo, moet julle doen wat Ek julle leer. Almal moet kan sien en hoor dat julle my kinders is. Julle moet jul lig laat skyn, want as die mense dit sien, sal hulle jul Vader in die hemel verheerlik!"

Die Here Jesus het sy dissipels ook geleer bid.

"Wanneer julle bid," het Hy gesê, "is dit nie nodig om op plekke te bid waar almal julle  kan sien nie. Nee! Soek eerder 'n stil en 'n rustige plek waar julle alleen met God kan praat sonder om gepla te word. Julle hoef ook nie lank te bid nie. Die Vader weet klaar wat julle wil sê nog voordat julle jul monde oopmaak om dit te sê." Toe het Hy ook gegaan en hulle 'n resep gegee hoe hulle moet bid. So moes hulle bid:

*Onse Vader wat in die hemele is,*
*laat u Naam geheilig word;*
*laat u koninkryk kom;*
*laat u wil geskied, soos in die hemel*
*net so ook op die aarde;*
*gee ons vandag ons daaglikse;*
*en vergeef ons ons skulde, soos ons*
*ook ons skuldenaars vergewe;*

*en lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

"Julle moenie bekommerd wees oor alles wat julle elke dag nodig het nie," het Hy ook gesê. "Julle moenie heeltyd bekommerd wees oor wat julle gaan eet en wat julle gaan aantrek nie. Daar is dinge wat baie belangriker is. Kyk maar net na die voëls. Hulle werk nie en hulle ploeg en plant nie soos boere nie en tog sorg die Vader dat hulle kos het. Kyk ook na die lelies. Hulle werk nie hard om mooi klere te maak nie en tog sorg julle hemelse Vader ook vir hulle."

"Julle is vir God baie meer spesiaal as voëls en blomme," het Hy verduidelik. "Julle hoef nie bekommerd te wees oor wat julle eet of drink nie, want God sal vir sy kinders sorg. Hy weet wat elkeen nodig het en Hy sal sorg dat julle dit kry wat julle nodig het, wanneer julle dit nodig het. Julle hoef nie daaroor bekommerd te wees nie. Julle moet eerder jul tyd gebruik om God te leer ken en te doen wat Hy wil hê julle moet doen." Toe Jesus dit alles klaar gesê het, het Hy 'n verhaal vertel om almal te waarsku. Sulke verhale word gelykenisse genoem.

"Twee mans het elkeen 'n huis gebou. Die eerste man het baie versigtig gekyk voordat hy begin bou het. Hy was 'n wyse (slim) man. Hy wou hê dat sy huis sterk moes wees, daarom het hy sy huis op 'n rots gebou. Die ander man het nie omgegee of sy huis sterk is of nie. Hy wou maar net sy huis op 'n lekker plek bou, daarom het hy sy huis op die sand gebou. Maar dit was nie lank nie of hy het agtergekom presies hoe dwaas (dom) hy eintlik was.

"Kort nadat hul huise klaar gebou was, het die wolke donker begin raak en die wind het begin waai. Daar was baie reën op pad. Dit was ook nie lank nie of dit het verskriklik begin reën. Die man wie se huis op die sand gebou was, het gou baie bekommerd geraak. Die water het die sand onder sy huis uitgespoel. Sy huis het sommer vinnig inmekaar begin val – dit was 'n vreeslike ding.

"Wanneer julle hoor wat Ek sê maar dit nie doen nie, is julle soos hierdie man wat sy huis op die sand gebou het," het Jesus verduidelik. Hy het vertel dat dit by die ander man se huis net so vreeslik gereën het en dat die wind verskriklik gewaai het, maar dat die wyse man se huis nie inmekaar geval het nie. Sy huis was op 'n sterk rots gebou. Die Here het mooi verduidelik dat wanneer ons na sy woorde luister en dit doen, ons soos daardie wyse man is, want die Here Jesus is die rots wat ons veilig hou!

Die mense het fyn geluister. Almal was 'n bietjie verbaas, want die Here Jesus het anders gepraat as al die Fariseërs en die skrifgeleerdes. Hulle kon hoor dat Hy gesag het.

# John Owen



John Owen was ’n Engelse predikant wat in die 1600’s geleef het. In sy tyd het daar baie moeilike dinge gebeur. Om sy mense te help, het hy baie boeke geskryf – meer as al die ander mense van sy tyd. Die boeke wat hy geskryf het, was ook nie net vir grootmense nie. Hy het ook boeke vir kinders geskryf. John was ’n baie slim man wat die hele tyd met die Bybel besig was. Hy het geglo dat om God lief te hê, die belangrikste ding is wat ’n mens kan doen. Al het hy lank terug geleef, maak dit wat hy geskryf het, vandag nog steeds saak.

Hy is in 1616 gebore en sterf in 1683. In sy leeftyd het hy sy vrou en al sy kinders verloor. Baie van sy kinders is as babatjies dood en dit het hom baie hartseer gemaak. Daar was oorlog in Engeland en in hierdie oorlog het baie van John se vriende gesterf. Die regering het gedink dat sy vriende verraaiers was en daarom het soldate sy vriende se dooie liggame in die openbaar opgehang om vir die mense te wys wat met verraaiers gebeur. Vir 20 jaar lank moes John amper elke dag daarteen vaskyk.

Hy was ook 'n man wat met sy hele hart geglo het dat geloof in God Drie-enig die enigste manier is hoe 'n mens gered kan word en dat hierdie redding uit genade alleen is – 'n mens kan niks doen om dit te verdien nie. In sy tyd het die kerk ongelukkig van hierdie waarheid begin vergeet. Dit was so erg dat toe John gesterf het, hy gedink het dat die ware kerk in Engeland se tyd verby was.

John se lewe was beslis nie maklik nie. Tog het hy alles gedoen wat hy kon om te probeer help dat die kerk van die Here Jesus groei. In 1652 (die jaar toe Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het), was dinge baie swaar in Engeland. Vir 'n paar jaar was boere se oeste baie swak en die mense was arm en honger. Hy het hul nood gesien en hulle probeer troos. Hy het veral raakgesien dat kinders hulp met hul geloof nodig het. Daarom het hy vir hulle 'n leerboek en gebede geskryf wat hulle nie net kon help verstaan hoe hulle moes glo en bid nie, maar ook om vir hulle te wys hoe lief God hulle het.

Duisende mense het na sy preke geluister en wanneer hy gepreek het, het hy altyd seker gemaak dat hulle goed verstaan dat Jesus Christus die enigste redder is en dat Hy meer werd is as alle ander dinge in hierdie wêreld. Hy het seker gemaak dat nie net die kerkmense van die Here hoor nie, maar ook die gewone mense op straat wat nooit in 'n kerk gekom het nie. Baie mense het deur sy werk tot geloof gekom.

In die AP Kerk stem ons nie saam met alles wat John Owen geglo het nie. Maar een ding bly staan: Hy was 'n kind van God wat baie lief was vir sy Here. Hy het baie tyd spandeer om sy Bybel te bestudeer en hy het hard probeer om presies te doen wat die Bybel ons leer. Daarvan kan ons baie by hierdie groot kind van die Here leer.